# OBJEK EN METODE IN DIE WETENSKAP VAN DIE GESKIEDENIS, 1825—1980

**F A van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

## 1 Inleiding: Geskiedenis vandag 'n wetenskap met pluriforme grondslag*

In sy *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis* definieer prof. P S Dreyer: "Wetenskap is 'n sisteem van rasionele, gefundeerde, objektief-geldige en mededeelbare kennis wat volgens geykte metodes verkry is en op dieselfde voorwerp van studie of studiegebied toegespits is". Volgens Dreyer voldoen die geskiedeniswetenskap aan hierdie vereistes, wat as objek van studie het "die lotgevalle en aktiwiteite van werklike mense van die verlede waar hulle gedurig besig is om vormend gestalte aan hulle leefwêreld te gee," en as "fundamentele" metode om tot kennis van die objek te kom, noem hy enkel die "hermeneutiek" of "verstaansmetode" wat volgens hom in skerpe teenstelling staan tot die "verklaar"-metode van die natuurwetenskap.[1]

Hierdie uitspraak berus op 'n verouderde konsep van die geskiedwetenskap, want dit is nie meer net 'n hermeneutiese geesteswetenskap wat volgens die indiwidualiserende verstaansmetode te werk gaan nie; dit het vandag tot sekere hoogte ook 'n analities-verklarende wetenskap geword wat bowe-indiwiduele historiese strukture en prosesse as dieptedimensies van die verlede ondersoek, wat nie bloot "verstaan" kan word nie. In plaas daarvan om die besondere objek waarmee die geskiedenis as vakdissipline hom besig hou en die basiese of "geykte" metode te beskryf om hierdie voorwerp van studie te bereik en te leer ken, sal dit meer verhelderend werk om op die vakwetenskaplike ontwikkeling van die geskiedenis in te gaan, waaruit sal blyk dat daar nie een objek en een metode bestaan nie, maar 'n veelheid van objekte en metodes, want die "objek" is 'n variabele grootheid en die "metode" het verfyn en is aangevul en uitgebrei, waardeur die wetenskap van die geskiedenis vandag op 'n pluriforme grondslag staan en tot 'n vak met vele aangesigte geword het.

Die filosoof en sosiaalwetenskaplike is geneig om geskiedenis te sien as 'n dissipline met volmaakte en vir eens en vir altyd vasgestelde reëls en metode, en met 'n eweneens onveranderlike objek van studie. Soos enige ander wetenskap het die geskiedenis sedert sy ontstaan in die vroeë 19de eeu homself steeds opnuut ondersoek, afgebaken en by veranderde omstandighede aangepas. Daar was voortdurend veranderinge in sy wese, wyse van tewerkgaan en in sy uiterlike gedaante.

As iemand my sou vra of daar, afgesien van buite-wetenskaplike faktore wat die praktyk van die historikus mede-bepaal, so-iets as kennis-vooruitgang in die sin van 'n rasionaliseringsproses en verwetenskapliking in die geskiedenis bestaan, is my antwoord, ja. Ons staan vandag veel verder as in die tyd van Ranke, die skepper van die model van wetenskaplike geskiedenis wat op die hermeneutiese verstaansmetode gebaseer was. Die wetenskaplike aansprake van die geskiedenisnavorsing het sedert die 19de eeu vooruitgegaan. Ranke word vandag gesien as behorende tot die vroeë fase in

---

*Voorlesing in verkorte vorm gehou op 12 Augustus 1981 voor die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria.

P S Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis,* Pretoria 1974, pp. 126, 98, 100, 105—106 vir aanhalings.

die proses van verwetenskapliking van die historiese bedryf. Die objek en metode wat hy voorgestaan het, kom tans as oud-modies voor.

Hier moet egter bygevoeg word dat daar onder die huidige historici geen konsensus oor hulle objek, metode, arbeids- en denkwyse bestaan nie. In teëstelling met die natuurwetenskap vind ons in die geskiedwetenskap geen dwingende model of paradigma vir wetenskaplikheid nie. Sedert die 19de eeu al bestaan daar 'n veelheid van wetenskaplike tradisies wat op 'n ideologiese onderskeid berus. Na die Tweede Wêreldoorlog het die geskiedwetenskap in beweging geraak en die historici het hulle belangstelling, temas en metodologie opvallend verander. Georg Iggers wys daarop hoe die vroeër oorheersende gebeurtenis-geskiedenis of verhalende daarstellingsvorm wat om die staat, politiek en indiwiduele persone gesentreer het, teruggedring of aangevul is deur 'n analitiese, probleem-georiënteerde geskiedenis van sosiale strukture en prosesse.[2] Daarby het interdissiplinêre navorsing sterk toegeneem. Wat objek en metode betref, was talle geskiedkundiges sedert Ranke in die leer by Max Weber, Karl Marx, Émile Durkheim, Claude Levi-Strauss, Lucien Febvre, Fernand Braudel en die Amerikaanse empiriese sosiale wetenskappe.

Voordat terugwaarts na die wetenskapsontwikkeling van geskiedenis as dissipline gekyk word, moet vermeld word dat dit 'n Duitse produk van die 19de eeu is, waarin Duitsland die wêreld gelei het. Na die Tweede Wêreldoorlog het daardie leiding na Frankryk verskuif wat 'n nuwe konsepsie van geskiedenis as wetenskap gebring het. Ranke, die grondslaglegger van die 19de eeuse model van wetenskaplike geskiedenis, het tot objek gehad: die staat, politiek, staatsinstellinge, buitelandse sake, oorlog en groot persoonlikhede, wat volgens die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode bestudeer is. Daarin het hy wêreldwye navolging tot diep in die 20ste eeu gevind. Vandag is die bordjies verhang en oefen die Franse *Annales*skool op grond van 'n herdefiniëring van die geskiedenis wêreldwye invloed uit.

Pierre Chaunu noem geskiedenis soos in Frankryk beoefen, "die federatiewe sosiale wetenskap" van ons tyd.[3] Dit het die benadering tot die geskiedenis in die Rankeaanse sin omgekeer. Eerstens is die objekte van die historiese studie gedekompartementaliseer en verbreed om die totaliteit van die mens se ervaring, materieel en kollektief oor tydperke van lange duur te omvat. Tweedens word die metodes vir die begrip van daardie totaliteit uit 'n wye omvang van wetenskaplike dissiplines getrek, in besonder dié van die ekonomie, demografie, biologie, sosiologie en etnologie.

Pierre Chaunu en Francois Furet het aangetoon dat kwantifikasie vandag onontbeerlik is vir 'n herdefiniëring van die objekte en metodes van die geskiedwetenskap.[4] Instede van 'n verontmensliking van die historiese studie, het dit ver gegaan om die geskiedskrywing te bevry van oppervlakkige vertelling, 'n tydskaal van kunsmatig korte duur en die tirannie van die politieke gebeurtenis. Dit het 'n nuwe kritiese gestrengheid teenoor die bronne meegebring, gekontroleerde uiteensetting van heterogene fenomene en die meting van verskynsels van lange duur en seriële werklikhede wat andersins verborge of onhanteerbaar sou bly.

Bronne oor die nuwe benadering tot die geskiedenis ontbreek nie. 'n Standaardwerk oor die *Annales*-skool van geskiedskrywing in Frankryk heet *La nouvelle Histoire*.[5] Die nuwe ontwikkeling in die na-oorlogse Duitsland het Georg Iggers

2. Georg Iggers: *Neue Geschichtswissenschaft, vom Historismus zur Historischen Sozialwissenschaft* München 1975, p. 7.
3. Pierre Chaunu: "L'économie – dépassement et prospective" in Jacques Le Goff & Pierre Nora (reds): *Faire de l'histoire II*, Parys, 1974, p. 52.
4. Pierre Chaunu: *Histoire quantitative, histoire sérielle*, Parys, 1978 en E le Roy Ladurie: *The Territory of the Historian*, Sussex, 1979, pp. 168–169.
5. Jacques Le Goff (red): *La nouvelle Histoire*, Parys, 1978.

genoop om sy boek, *Neue Geschichtswissenschaft,* tot subtitel te gee "vom Historismus zur Historische Sozialwissenschaft".[6] Dit herinner aan J H Robinson se boek, *The New History*[7] wat die Amerikaanse progressiewe geskiedskrywing aan die begin van die 20ste eeu gelanseer het. Die "nuwe" van die "nuwe geskiedwetenskap" was 'n reaksie teen Ranke se oorheersende model van wetenskaplike geskiedenis wat in 'n tyd van 'n pluridissiplinêre benadering konvensioneel en ortodoks geword het, 'n soektog na nuwe modelle vir groter wetenskaplikheid en 'n poging tot verruiming van die objek en metode van die geskiedwetenskap.

Die outonomie van Ranke se politieke geskiedenis is verwyder en politiek is teruggeplaas binne die siviele samelewing en die verhoudinge tussen sosio-ekonomiese strukture en geestestoestande of mentaliteite aan die een kant en die fisiese en biologiese milieu aan die ander kant. Terselfdertyd is die studie van kultuur geëmansipeer van 'n elitistiese intellektuele geskiedenis, en verplaas na die totaliteit van volksoortuigings en waardestelsels, in Frans "mentalités" genoem. Wesenlik beteken die "nuwe" van die Franse geskiedskrywing die opheffing van die kompartimentalisering van geskiedenis en die integrasie van sy deelgebiede én sy buurwetenskappe tot 'n nuwe holistiese geskiedwetenskap van die mens.

In die lig van die nuwe ontwikkelinge vertoon die vorm waarin die historiese kennis deur die eeue aangebied is nou 'n nuwe gedaante, nl. 'n funksioneel-strukturele. In 1889 het Ernst Bernhein in sy *Einleitung in die Geschichtswissenschaft* drie hoofvorme van historiese daarstelling onderskei, nl. die verhalende wat met Thukydides begin het, die pragmatiese van die Verligting, en die Duitse genetiese van die Romantiek en Idealisme.[8] Wilhelm Bauer het dit in sy *Einführung in das Studium der Geschichte* so aanvaar, maar in 1921 'n vierde bygevoeg, die sosiologiese vorm van geskiedskrywing,[9] wat plek vir die Franse opvattinge ingeruim het. In 1976 het Trian Stoianovich in sy *French historical Method, the Annales Paradigm* slegs drie vorme van geskiedskrywing onderskei, nl die eksemplariese sedert Thukydides, die Duitse genetiese vorm van die 19de eeu en die Franse funksioneel-strukturele van die moderne tyd.[10]

### Objek en metode in Ranke se model van wetenskaplike geskiedenis: 'n reaksie teen die Verligtingshistoriografie

Die wetenskap van die geskiedenis is nie veel ouer as anderhalwe eeu nie. Dit het tot stand gekom aan die Universiteit van Berlyn wat in 1810 deur Von Humboldt gestig is. Daar het geskiedenis sy hulpwetenskaplike karakter wat hy sedert die Middeleeue aan universitêre inrigtings gehad het, verloor en 'n selfstandige vak met eie objek en metode geword. Hoewel Barthold Niebuhr (1776—1831)[11] die filologies-kritiese metode in sy *Römische Geschichte* aangewend het, kon hy nie daarin slaag om dit aan 'n koherente verhaal te verbind nie. Leopold van Ranke (1795—1886),[12] sy opvolger wat in 1824 daar professor in geskiedenis geword het, het geglo dat geskiedenis na analogie van die natuurwetenskap wat 'n oorsaaklike verklaring soek vir herhalende

---

6. Soos in voetnoot 2 hierbo.
7. Macmillan, New York, 1912.
8. Ernst Bernheim: *Einleitung in die Geschichtswissenschaft*, Leipzig, 1909 (Sammlung Göschen), pp. 7—13.
9. Wilhelm Bauer: *Einführung in das Studium der Geschichte*, Tübingen, 1921, pp. 146—151.
10. Trian Stoianovich: *French historical Method*, New York, 1976. pp. 102—133.
11. Oor Niebuhr kyk Hans-Ulrich Wehler (red): *Deutsche Historiker VI*, Göttingen, 1980, pp. 23—36. Vir besonderhede oor Ranke kyk H-U Wehler (red.): *Deutsche Historiker*, Göttingen 1973, pp. 7—24, en Leonard Krieger: *Ranke, the meaning of History*, Chicago, 1977.

fenomene, tot die rang van 'n wetenskap verhef kan word. Dit het gebeur toe hy twee tradisies nl. die klassieke tradisie van verhalende geskiedenis sedert Thukydides en die hermeneutiese tradisie van filologiese teksuitleg sedert die Renaissance, Humanisme en Hervorming verenig het. Ranke het die filologiese kritiek wat met die suiwering en eksegese van klassieke tekste te doen gehad het, suksesvol verbind aan die vertelling van 'n koherente verhaal. Tot vandag toe staan die historiese metode wat deur Ranke in die praktyk van die geskiedskrywing gebring is bekend as die filologies-kritiese metode wat daardeur sy herkoms van die filologie erken, en wat geskiedenis tot 'n hermeneutiese geesteswetenskap gemaak het.[13]

Voordat op die objek en metode van Ranke se geskiedwetenskaplike bedryf ingegaan word, moet vermeld word dat dit 'n reaksie was teen die historiografie van die Verligting, 'n produk van besondere tydsomstandighede en die intellektuele klimaat van die ná-Napoleontiese tyd. Hoewel die geskiedskrywing van die Verligting na objektiwiteit gestreef, en die moderne konsep van geskiedwetenskap sy oorsprong in die Verligting gehad het, was Ranke se model van wetenskaplike geskiedenis 'n reaksie teen hierdie stroming. Die Verligtingsgeskiedskrywing was gebaseer op die 2 000 jaar oue tradisie van die Natuurregfilosofie en daarmee die Rasionalisme en die Naturalistiese wêreldbeskouing. Vir die historici van die Verligting soos Voltaire (1697 – 1778), Gibbon (1737 – 1794), Condorcet (1843 – 1794), J G Gatterer (1727 – 1799) en A L Schlözer (1735 – 1809)[14] was geskiedenis 'n soort natuurgebeure. Hulle wou die tradisionele teologiese beskouinge op grond van die natuurwetenskaplike metode en bevindinge sekulariseer.

Tot objek van studie het die Verligtingshistorici sosiaal-ekonomiese toestande en kultuurgeskiedenis van die mensheid gehad; die nasionale geskiedenis was nie vir hulle van belang nie, maar 'n kosmopolitiese, gebaseer op die idee van universalisme en die vooruitgangsleer. Die verstand of rede geld oral en altyd vir 'n abstrakte mensheid en daarom was 'n teoretiese konstruksie van die mensheidsgeskiedenis of -kultuur van belang. Hulle was blind vir die verskille tussen tye en volke wat as gelyke matematiese groothede gesien is, altyd en oral dieselfde. Waardes was vir hulle tydloos, absoluut en ewiggeldend, wat in ooreenstemming was met die "redelike" ordening van die wêreld. Vir die indiwiduele in die verlede het hulle geen oog gehad nie: dié kon hulle nie verstaan nie, vir hulle het slegs die algemene gegeld.

Metodies wou hulle die toestande van die verlede analiseer: nie die verhaal was van belang nie, maar abstraksies en generalisasie. Mense van die verlede wat nie aan hulle eise van redelikheid voldoen nie, is veroordeel. Hulle was pragmaties in die sin dat hulle uit voorbeelde van die verlede wou lering trek met die doel om foute van die hede te vermy en 'n beter toekoms te skep. Geskiedenis was dus 'n regter en 'n leermeester. Die Verligtingshistorici het op oorsaak en werking gekonsentreer en na kousale verklarings vir menslike gebeurtenisse gesoek. Die klem het geval op die algemeen-menslike, analise, generalisasie, teorieë en hipoteses.

Hierteenoor het Ranke se opvatting van die historiese objek berus op die filosofiese stelsel van die Idealisme, die Historisme en die Romantiek wat plek aan die gevoel en die irrasionele bo die rede gegee het.[15] Dit het uitgegaan van die veronderstelling dat daar 'n wesensonderskeid bestaan tussen die verskynsels van die natuur en die gees, wat prinsipieel 'n ander metode verg om tot kennis daarvan te geraak as die

13. Hans-Georg Gadamer: *Wahrheit und Methode*, Tübingen, 1975, pp. 185 – 199.
14. Oor die Göttingense skool waarin Gatterer en Schlözer die hooffigure was, kyk Herbert Butterfield: *Man on his Past, the Study of the History of historical Scholarship*, Cambridge, 1955, pp. 32 – 61.
15. Eduard Fueter: *Geschichte der neueren Historiographie*, München 1936, pp. 334 – 414.

natuurwetenskaplike metode. Terwyl die natuur die skouspel is van ewigterugkerende of herhalende verskynsels, is die geskiedenis saamgestel uit besondere, eenmalige, unieke en onherhaalbare menslike handelinge wat met wil en doel vervul is. Die Historisme het die analitiese metode van die natuurwetenskap as onvanpas beskou om toegang tot die wêreld van die mens en sy kultuur te verleen, dié is slegs deur "verstaan" te bereik. Daarom is die pragmatisme verwerp.

Georg Iggers[16] het aangetoon dat die Historisme daardeur gekenmerk word dat dit die staat as doel op homself stel; dit was anti-normatief omdat dit eksterne maatstawwe vir die beoordeling van historiese dinge verwerp het en geëis het dat die dinge van die verlede met maatstawwe van die verlede self gemeet moet word. Verder het dit die natuurwetenskaplike metode verwerp as bevoeg om unieke historiese indiwidualiteite te verklaar: daartoe is slegs die hermeneutiese metode in staat. Twee van die sleutelbegrippe van die Historisme was die indiwidualiteitsbegrip en die genetiese of ontwikkelingsbegrip wat in teëstelling staan tot die vooruitgangsidee van die Verligting. Dit het veronderstel dat verandering en kontinuïteit tot die wese van die indiwiduele behoort, waaruit algemene tendensies afgelei kan word. Die Historisme wat die wêreld as geskiedenis sien, was volgens Meinecke een van die grootste geestelike rewolusies in die Westerse denke aangesien dit met die 2 000 jaar oue Natuurregfilosofie gebreek het. Daarby was dit 'n reaksie teen die Verligting en Franse Rewolusie, 'n geestesbeweging wat deur die Romantiek verdiep is, en wat die grondslag vir die Duitse geskiedskrywing tot in die 20ste eeu gebly het.

Dit was die Historisme en bepaalde tydsomstandighede wat Ranke se objek en metode vir die geskiedwetenskap bepaal het.[17] Elke tradisie van historiese geleerdheid weerspieël die toestand waaruit hy ontstaan en ontwikkel het. Ranke se geskiedskrywing was tipies van oud-Europa en die voor-industriële tydperk. Hy het die erfenis van die Franse Revolusie verwerp, die feodale reaksie geopponeer en was lojaal aan die konserwatiewe monargale militêre en burokratiese Pruisiese staat waarvan hy staatshistorikus was. Hy het standpunt teen die opkomende Sosialisme en demokratisering ingeneem. In sy tyd was die staat die belangrikste krag in Europa, en die 19de eeu gekenmerk deur staatsnasionalisme en die nasionale verenigingsbewegings.

Die tipiese objekte van Ranke en sy volgelinge was derhalwe die staat, politiek, diplomatieke betrekkinge, oorlog en historiese persoonlikhede — die elites van ou Europa, wie se motiewe en intensies deur staatsdokumente verstaan moes word.[18] Hy het die tipiese temas van die Verligtingshistorici verwerp nl sosiaal-ekonomiese en kulturele temas, en afgesien van die analise van bowe-indiwiduele, anonieme kragte en kollektiewe historiese strukture en prosesse. Staatspolitiek is tot die middelpunt van die geskiedskrywing verhef en voorgestel as die enigste tipe historiese proses. Die politieke lewe het veel meer aangebied om te bestudeer as sosiaal-ekonomiese prosesse. Historiese verskynsels, tydperke, gebeurtenisse en persone was vir Ranke indiwidueel en besonder van aard, uniek en onderhandelbaar en moet volgens die maatstawwe van hulle eie tyd verstaan word. Hy het oog gehad vir die feite en besonderhede waarin hy vonke van die algemene gevind het, wat die groter samehange onthul. Sy indiwidualiserende beskouing is verenig met 'n sintetiese kyk op gebeurtenisse. Die groot nasies is tegelyk uniek en algemeen, maar die algemene is nie abstrak nie, eerder konkreet. Daarom dat hy nasionale geskiedenisse in 'n universeel-historiese visie kon inorden.

---

16. Georg Iggers: *Deutsche Geschichtswissenschaft*, München, 1971, pp. 17—20.
17. Georg Iggers: *New Directions in European Historiography*, Middletown, Connecticut, 1975, pp. 17 en 19.
18. Ibid., pp. 22 en 30.

Die gebeurtenis was vir hom belangrik en die vorm van sy kennis was narratief. Hy wou nie uit die verlede leer om die hede en toekoms te beïnvloed nie, maar wou slegs toon "wie es eigentlich gewesen (ist)". Vir Ranke was die geskiedenisbeoefening 'n soort religieuse historisme:[19] hy was onder die invloed van die teologie van die Goethe-tyd, sy navorsing was vir hom 'n religieuse daad, 'n ontsyfering van God se hierogliewe en die geskiedenis 'n uitdrukking van Gods komposisie.

Wat Ranke se metode[20] betref, vir hom was die hermeneutiek die eintlike instrument van die historiese kenvorm, 'n spesifieke kenwyse van die geskiedenis, wat die indiwidualiserende verstaansmetode genoem word. Vir hom was die verstaan 'n inlewingsakte, anders as die empirisme wat bloot feite wou registreer, en die geskiedenis 'n wetenskap wat van binne-uit verstaan. Dit het te doen met betekenis- en sinvolle menslike verskynsels wat in hulle indiwidualiteit verstaan moet word. Vir Ranke is die dokument die sleutel tot die historiese waarheid, die enigste gesag, vandaar sy navorsing in argiewe. Die kritiese vasstelling van die feite uit dokumente gaan alle verstaan vooraf. Om die egtheid, oorspronklikheid en geloofwaardigheid van bronne vas te stel, het hy nuwe historiese tegnieke gebruik van sowel eksterne as interne kritiek, en ten einde die betekenis van getuienis vas te stel is op die hermeneutiek, d.i. die filologies-kritiese metode van eksegese of teksuitleg gebou. Die sleutelwoorde in sy metode was heuristiek, kritiek en hermeneutiek. Dit was teenoorgesteld aan die natuurwetenskaplike metode wat wetlik-kousale verbande van buite-af verklaar. Kennis van die verlede word op die basis van primêre argiefbronne gerekonstrueer en as gebeurtenis-geskiedenis in verhaalvorm meegedeel.

Die doel van Ranke se wetenskaplike geskiedenis was die historiese waarheid en korrektheid. Vir hom was die verlede daar as 'n objektief-gegewe wat hom via die dokumente aan die historikus openbaar. Objektiwiteit was sy hoogste strewe, vandaar sy eis dat die subjek in toom gehou moet word deur 'n houding van eerlikheid, onpartydigheid, geregtigheid en regverdigheid en 'n vooroordeellose strewe na waarheid, wat vir hom 'n religieus-etiese beginsel was. Hy het gestreef na die suiwerste moontlike kennis in die hoogste bereikbare graad, d.i. 'n van subjek-vrye, saaklike en algemeengeldige kennis, 'n onvervalste aanskouing vry van hede-belange, politieke betrokkenheid en morele veroordeling.[21]

Die wetenskap van die geskiedenis moes vir Ranke op metodiese wyse historiese kennis voortbring op grond van kritiese toetsing van die oorgelewerde getuienis, sistematiese ontsluiting van bronne en die vertolking daarvan deur die hermeneuties indiwidualiserende verstaansakte, gerugsteun deur 'n verwysingsisteem, kritiese apparaat en bronnelys wat eksterne toetsing vir die waarheid moontlik maak. Deur sy objek en metode het hy die "objektiewe wetenskaplike skool" van geskiedskrywing tot stand gebring en deur sy historiese genie meteen die grootste historikus van die 19de eeuse verhalende geskiedenis geword.[22] Sy invloed het wêreldwyd uitgekring, o.a. na Frankryk in 1871 waar die Sorbonne sy wetenskaplike tegnieke minus sy filosofiese grondslag oorgeneem het, asook na die V S A waar sy seminaarmetode tot vandag toe die grondslag van die geskiedwetenskaplike bedryf gebly het. Ook die geskiedskrywing

---

19. Peter Gay: *Style in History*, Londen, 1974, pp. 79–84.
20. Manfred Thiel: *Enzyklopädie der Geisteswissenschaftlichen Arbeitsmethoden, X*, Methoden der Geschichtswissenschaft, München 1974, pp. 3–64; Walter Ehrlich: *Das Verstehen*, Zürich, 1939.
21. H R von Srbik: *Geist und Geschichte vom deutschen Humanismus bis zur Gegenwart I*, München, 1950, p. 261.
22. Joachim Streisand (red): *Studien über die deutsche Geschichtswissenschaft von 1800 bis 1871, I*, Berlyn, 1969, pp. 241–270.

aan die Afrikaansmedium-universiteite in die R S A staan vandag nog op die grond slag van Ranke se geskiedwetenskap.

### 3 'n Stryd om die objek en metode van die geskiedenis in Duitsland: 'n breuk met die sosiale wetenskap

In die 19de eeu, die goue eeu van die geskiedenis, toe geskiedenis "die koningin van die geesteswetenskappe" genoem is, het die politieke geskiedenis die grondvorm van die geskiedwetenskap geword, en is dit verhef tot die "algemene" geskiedenis waaruit ou Verligtingstemas soos sosiale, ekonomiese en kulturele verskynsels verdring is. Daardeur is die objek van historiese studie vereng en vereensydig. Geskiedenis is in die 19de eeu trouens as 'n funksie van die politiek gesien, 'n behoudende instrument teen rewolusionêre verandering. Die Historisme en Hermeneutiek het hom geleen tot kritiek op die opkomende Sosialisme, en sosiale analise as 'n wettige funksie van die historiese ondersoek is verwerp. Die breuk wat aan die einde van die 18de eeu tussen staat en samelewing ontstaan het, is geaksentueer deur die intrede van die Industriële Rewolusie wat sosiale probleme en massa-verskynsels tevoorskyn gebring het. In die opkomende samelewingswetenskap het die Duitse geskiedskrywing 'n bedreiging vir die staat gesien. Die breër segmente van die sosiale, ekonomiese en kulturele geskiedenis het irrelevant vir die politieke geskiedenis geword.

Uitgestoot uit die "algemene" geskiedenis het die sosiale geskiedenis hom enersyds aan die ekonomiese geskiedenis verbind wat ook nie plek binne die "algemene" geskiedenis kon vind nie, en gesamentlik het aan die einde van die 19de eeu 'n takdissipline van die geskiedenis tot stand gekom bekend as "sosiaal-ekonomiese geskiedenis".[23] Omdat die Marxisme daarmee geassosieer is, is dit van die kant van die "algemene" staatsgeskiedenis van historiese materialisme verdink, en het dit die reuk van 'n opposisiewetenskap verkry wat hom met stande en klasse besig hou. Andersyds het die sosiale geskiedenis onderdak by die opkomende kultuurgeskiedenis gevind,[24] wat tussen die jare 1871 – 1890 opgebloei het, juis toe die Europese nasionale verenigingsbewegings in vervulling gegaan het, en dit gelyk het of die politieke geskiedenis besig was om sy funksie as bondgenoot van die staat te verloor. Die objek van die sosiale geskiedenis was van nie-politieke aard soos families, stande en klasse, terwyl die kultuurgeskiedenis hom besig gehou het met geestes- en literêre geskiedenis, gebruiksvoorwerpe, genotmiddels, gewoontes, gebruike, die alledaagse lewe en maatskaplike groepe. Die vorm was narratief en dikwels onsistematies terwyl bronnekritiek vir die kultuurgeskiedenis in onvolmaakte vorm daar was. Die *establishment* van die "algemene", d.i. politieke geskiedenis, het dit as 'n randvak of takdissipline gesien, wat hom ook met die samelewing besig hou, en dus as 'n opposisiewetenskap.

Die toenemende invloed van die kultuurgeskiedenis het die posisie van die politieke geskiedenis wat vir 'algemene' geskiedenis deurgegaan het, bedreig laat voel, wat op 'n polemiek in Duitsland oor die objek van die geskiedeniswetenskap uitgeloop het.[25] In 1888 het Dietrich Schäfer in *Das eigentliche Arbeitsgebiet der Geschichte* die handskoen neergewerp deur te verklaar dat die staat, en dus politieke geskiedenis, die kern van die historiese studie is omdat dit 'n eenheidsraamwerk daaraan verleen. 'n Studie oor bv. die Middeleeuse huis is 'n beuselagtigheid en kultuurgeskiedenis 'n afdwaling op sypaadjies. 'n Kultuurhistorikus, Eberhard Gothein, het in 1899 met *Die*

23. Jürgen Kocka: *Sozialgeschichte*, Göttingen, 1977, pp. 59 – 60.
24. Ibid., p. 61.
25. H R von Srbik, a.w., p. 175.

*Aufgaben der Kulturgeschichte* beswaar gemaak teen die monopolistiese aansprake van die politieke geskiedenis en verklaar dat die staat slegs een faset van die samelewing verteenwoordig. Naas die staat bestaan ook ander objekte wat beslissend vir die geskiedenis van die mensheid was, soos godsdiens en kultuur. Beoefenaars van die politieke geskiedenis het hulle agter Schäfer geskaar en kultuurhistorici agter Gothein. Die uitslag van die polemiek was dat laasgenoemde historici toegegee het dat die staat belangrik was, en politieke historici dat daar ook ander lewensgebiede buite die staat was, wat verdien om histories bestudeer te word.

Deur spesialisasie het die studiegebied van geskiedenis in die loop van die 19de eeu gedifferensieer in 'n menigte deelgebiede of takdissiplines, "historiese wetenskappe"[26] genoem, wat die vraag na vore laat kom het wat die "vak geskiedenis" in verhouding tot sy takdissiplines is. As daar gesê word staatsgeskiedenis is die kern van alle geskiedenis, word 'n deelaspek verabsoluteer met uitsluiting van objekte soos die sosiale-, ekonomiese- en kultuurgeskiedenis. Die politieke handeling kan tog nie verstaan word sonder om sosiale, ekonomiese en geestesfaktore in ag te neem nie, wat sterker bepalende faktore vir die verloop van sake geword het as die uitdruklike wil van historiese indiwidue self. Die wil en besluite van sodanige persone verg 'n dieperliggende opheldering waarsonder die historiese feit ewe onverstaanbaar en onverklaarbaar bly. Die mens se gedrag moet dus verklaar word in die raamwerk van die strukture waarbinne dit plaasvind. Vir die historici van die Ranke-*establishment* het politieke geskiedenis egter dié objek van die "algemene" geskiedenis gebly. Van die kultuurhistorici het bly streef na 'n maatskaplik-omvattende, gesamentlike sintese van die geskiedenis met as struktureringskern nie die staat nie, maar die samelewing en kultuur wat op toestande, d.i. strukture en prosesse van bowe-indiwiduele aard ingestel was, en wat hom gerig het teen die geskiedenis van gebeurtenisse, idees, persone en 'n politieke oriëntering.[27]

In die laat 19de eeu het die Positivisties-naturalistiese wêreldbeskouing al meer invloedryk geword sodat dit die Idealistiese grondslag van Ranke se model van wetenskaplike geskiedenis ondermyn het. Daarby het die Historisme wat na die relativering van alle norme gelei het, in 'n krisis beland.[28] Die objekte van die Verligtingshistorici wat deur Ranke en sy skool verwerp is, soos sosiale, ekonomiese en kultuurgeskiedenis, het by die agterdeur ingesluip en die laat lammetjie van die Verligting, die Positivisme, wat eweneens deur Ranke verwerp is, het op 'n studie van die histories-maatskaplike werklikheid volgens die nomologiese metode van die sosiologie aangedring. Aan die grense van die geskiedenis het ander buurwetenskappe opgekom, die "sosiale" wetenskappe, wat hom na die kroon gesteek het soos die sosiologie, antropologie, ekonómie, staatsleer en sosiale sielkunde. Hulle het die gedrag van die mens bestudeer met metodes wat van die natuurwetenskap afkomstig is. Auguste Comte (1798–1857), die vader van die sosiologie,[29] het geëis dat, aangesien die natuurwetenskaplike metode bestaan uit eerstens die waarneming en versameling van feite (empirisme) en tweedens, die formulering van wette uit die waargenome feite, die geskiedenis, wat hy nie as 'n ware wetenskap gesien het nie, tot die tweede deel van die natuurwetenskaplike metode moet oorgaan, as dit op die rang van wetenskap wil aan-

26. Otto Brunner: *Das Fach "Geschichte" und die historischen Wissenschaften*, Hamburg, 1959.
27. Vgl. Karl-Georg Faber en Christian Meier: *Historische Prozesse*, München, 1978; Jürgen Kocka e Thomas Nipperdey: *Theorie und Erzählung in der Geschichte*, München, 1979.
28. Karl Heussi: *Die Krisis der Historismus*, Tübingen, 1932; Ernst Troeltsch: *Der Historismus und sein Probleme*, Tübingen, 1922.
Paul Barth: *Die Philosophie der Geschichte als Soziologie I*, Leipzig, 1915, pp. 160–209.

spraak maak. Van verskeie kante is geadviseer dat die geskiedenis moet terugkeer tot die metodiese eise van die Verligtingshistorici, nl generalisasie, analise, teorie-vorming en hipotese, d.i., streef na die ontdekking van reëlmatighede, en wetmatighede. H T Buckle (1821 – 1862) het die historici in sy *History of Civilization in England*[30] verwyt dat hulle by individualiteite bly vassteek het, en nie veralgemeen het en wette ontdek het, wat na voorspelbaarheid lei nie, en dat hulle dus onwetenskaplik te werk gaan. J G Droysen het in sy *Historik* wal gegooi teen die natuurwetenskaplike aanslag en die taak van die historikus as "forschend zu verstehen" omskryf.[31]

'n Sterk afwerende houding teen wat as 'n bedreiging vir die tradisionele objek en metode van Ranke se model van wetenskaplike geskiedskrywing gesien is, is deur die vakhistorici in die laat 19de eeu teen Karl Lamprecht (1856 – 1915)[32] se *Deutsche Geschichte* ingeneem. Daarin het hy 'n sintetiese kultuurgeskiedenis op grondslag van 'n kousaal-ontwikkelende "sosiale psige" van die Duitse volk oor 2 000 jaar aangebied, waarin al die kultuur-uitinge tydperk vir tydperk saamgevat word, soos die ekonomie, politiek, kuns, wetenskap, letterkunde en godsdiens. Lamprecht het geglo dat hy die kollektiewe sielsevolusie in ses uitmekaarvolgende, kousaal-veroorsaakte sosiaal-psigiese tydperke wat mekaar wetmatig opvolg, ontleed het, en dat sy model van psigogenetiese ontwikkeling by elke volk empiries vasgestel sal kan word. Dit het ingedruis teen Ranke se konsep van die indiwidualiteit van elke tydperk. Vir Lamprecht was die beskrywing van die indiwiduele, eenmalige en unieke feite irrasioneel en onwetenskaplik. Slegs die vasstelling in die geskiedenis van die tipiese, die algemene, rasionele, sig herhalende (d.i. wetmatigheid) was vir hom toeganklik vir 'n wetenskaplike oordeel.

Die aansprake van Lamprecht het 'n storm oor die geskiedwetenskap laat losbars wat die historici gedwing het om die grondslae van hulle vak weer in oënskou te neem.[33] Hy het die plek van persoonlikhede, die indiwidualiteitsopvatting en die hermeneutiese "verstaan" *versus* die analitiese "verklaar" van die natuurwetenskaplike metode aan die orde gestel. Die Duitse historici het so intens gereageer omdat hulle in Lamprecht se opvatting van geskiedenis 'n bedreiging gesien het vir die Duitse politieke en sosiale tradisie. Hulle was anti-sosialisties gerig en het die bestaande orde verdedig. Lamprecht se aansprake is as historiese materialisme en 'n uiting van die sosiale beweging van die hand gewys en hyself buite die *establishment* geplaas. 'n Hewige polemiek het gevolg ter verdediging van die historiese objek en tradisionele hermeneutiese metode teen die nomologiese natuurwetenskaplike metode wat nie te versoen is met die aard van die geskiedenis nie, en wat op 'n versosiologisering daarvan neerkom. Sy skema sou apriories wees en sy model ontoepasbaar. Die wese van geskiedenis is unieke indiwidualiteite en nie abstrakte veralgemeninge en kousaliteitswette nie.

Die filosowe het tot die stryd tot verdediging van die hermeneutiese tradisie toegetree. Vir hulle het dit daarom gegaan om die dreigende oorheersing van die Positivisme se metodiese monisme af te slaan, sodat die selfstandigheid van die geesteswetenskappe en dus ook die geskiedenis gehandhaaf sou kon word. Wilhelm Dilthey (1833 – 1911) wou aan hulle 'n met die natuurwetenskappe vergelykbare geldigheid verleen en bewys dat geskiedenis 'n wetenskap *sui generis* is. 'n Skerp metodiese onder-

---

30. Twee dele 1857 – 1861. Herdruk in *The World's Classics*, Oxford, 1925.
31. J G Droysen: *Historik*, Halle-Saale, 1925, p. 9. Eerste druk, 1868.
Oor Lamprecht as historikus kyk S W Halperin: *Essays in Modern European Histo iography*, 1970 pp. 119 – 142 en H-U Wehler: *Deutsche Historiker*, Göttingen, 1973, pp. 58 – 68
Vir die metodestryd om Lamprecht kyk Herbert Schnädelbach: *Geschichtsphilos phie seit Hegel die Probleme der Historismus*, Freiberg-München, 1974, pp. 137 – 154.

skeid dateer sedertdien tussen die nomologiese natuur- en sosiale wetenskappe, en die hermeneutiese geesteswetenskappe. Dit was 'n herleefde stryd wat teruggaan tot die opstand van die Duitse historiese skool teen die filosofiese tradisie van die Natuurreg. Wilhelm Windelband het die Ranke-tradisie onderskraag met sy verklaring dat daar 'n objektiewe historiese werklikheid bestaan, wat dit moontlik maak om die verlede te bestudeer sonder om dit te benader met vrae en hipoteses wat die subjektiwiteit van die ondersoeker reflekteer. Hy het in sy *Geschichte und Naturwissenschaft*[34] onderskei tussen die rasionele wetenskappe en die ervaringswetenskappe. Die natuurwetenskap noem hy nomoteties en die historiese wetenskappe ideografies. Terwyl laasgenoemde "verstaan", is dit die doel van die natuurwetenskappe om te "verklaar" volgens reëlmatighede, algemeen-geldighede en wetmatighede. Terwyl die historiese wetenskappe indiwidualiseer, generaliseer die natuurwetenskappe; vir die een gaan dit om die besondere, vir die ander om die algemene.

In sy *Kulturwissenschaft und Naturwissenschaft*[35] het Heinrich Rickert aangetoon dat die eintlike onderskeid tussen die natuur- en kultuurwetenskappe nie soseer in hulle inhoud lê nie as in die metode. Die natuur begryp alle synde in algemene wette, die geskiedenis verstaan dit as eenmalige of unieke gebeure. Die historikus beeld egter nie die werklikheid af nie, maar omvorm dit, wat die irrasionele rasioneel maak. Die historiese navorsing vereis 'n apriori, 'n vóór-oordeel met behulp waarvan die heterogene kontinuum van die werklike gebeure op begrippe teruggevoer kan word. Rickert, Dilthey,[36] Hintze en Henri Berr het egter die onhoudbaarheid aangetoon van Windelband en die historici se nosie dat die verlede homself aan die historikus bied as iets objektiefs gegee, soos dit uit die dokumente tevoorskyn tree. Hoewel hulle daarop klem gelê het dat die historiese verstaan fundamenteel steun op betekenisvolle gehele wat kousale analise weerstaan, het hulle nogtans erken dat die historikus moet werk met keusebeginsels wat 'n konsepsuele struktuur op die historiese materiaal afdruk, waardeur geskiedenis tot sekere hoogte ook 'n analitiese wetenskap is, hoewel dit met konsepte werk wat die uniekheid van die historiese indiwidualiteite in skerper fokus bring.[37]

Lamprecht, Rickert en Berr het 'n belangrike rol aan generalisasie toegewys wat grense aangewys het vir die historiese verhaal. Max Weber (1864–1920)[38] wou nie analise en verklaring uit die geskiedenis uitsluit nie. Die element van intensionaliteit maak die vooruitberekening van sosiale gedrag moontlik, wat hy "ideaal-tipes" noem. Dit kan getoets word aan die empiriese gang van sake wat verklarende konsepte of begrippe wettig. Die debatte om die Lamprechtstryd het ook die ou stryd om die historiese objek van politiek of kultuur verskuif na toestandsgeskiedenis en historiese strukture, en na 'n indiwidualistiese of kollektivistiese geskiedbeskouing. Wesenlik het die metode-stryd nie net om 'n onderskeid tussen die natuurwetenskap en die geskiedenis gegaan nie, maar tussen die nomologiese sosiologie wat volgens die natuurwetenskaplike metode werk en die hermeneutiese geskiedenis. Dit het 'n breuk tussen die geskiedwetenskap en die nomologiese sosiale wetenskappe gebring wat eers na die Tweede Wêreldoorlog in 'n groot mate oorbrug is.

34. Tübingen, 1924[9].
35. Tübingen, 1915[3].
36. Wilhelm Dilthey: *Der Aufbau der geschichtlichen Welt in den Geisteswissenschaften*, Leipzig, 1942, pp. 79–188; O F Bollnow: *Dilthey*, Stuttgart, 1955, 2de druk.
37. Georg Iggers: *Neue Geschichtswissenschaft*, München, 1978, pp. 99 – 119–120.
38. Vgl W Mommsen: *Max Weber, Gesellschaft, Politik und Geschichte*, Frankfurt a/M, 1974, pp. 208–232.

## 4 Die bevraagtekening van Ranke se hermeneutiese geskiedskrywing in die wêreld van die Industriële Rewolusie

Selfversekerd ná 'n oorwinning in die Lamprechtstryd het die meeste historici geen rede gesien waarom hulle die 19de eeuse opvattinge oor die objek en metode van die geskiedwetenskap moet verander nie. Van 1890 tot aan die Eerste Wêreldoorlog het Ranke se model van wetenskaplikheid bly oorheers.

In Brittanje is die tradisionele opvattings byvoorbeeld weerspieël in *The Cambridge Modern History* en in Frankryk in Langlois en Seignobos se *Introduction aux études historiques* van 1897 waarin die skrywers die geykte opvatting verkondig het "l'histoire se fait avec des documents — pas de documents, pas d'histoire".[39] Tot diep in die 20ste eeu het die meeste geskiedkundiges stofgetrapte paaie gevolg. Die historiese geleerdheid het nie verbreed nie, maar enger geword. Dit was tot sekere hoogte ook 'n teken van die invloed van die opkomende sosiale wetenskappe wat 'n veld van studie betree het wat deur die tradisionalistiese historici prysgegee is, nl die industrieel-stedelike werklikheid van 'n tegnologiese samelewing. Hoewel 'n klein gedeelte van die historici gemeen het om van die sosiale wetenskappe te leer, het die grootste gros geglo dat geskiedenis apart van hulle moet bly, dat die historiese geleerdheid sy eie objek en metode het en dié moet in die vorme gehou word soos in die 19de eeu voortgebring. Die geskiedenisdepartemente het die verlede van die eie volk bestudeer en die politieke geskiedenis het die sentrale objek van navorsing gebly. Hulle het verdedigers van die bestaande orde geword wat op sy beurt tradisionalisme in die wetenskapsbeoefening bevorder het. Geskiedenis het hom soos in 'n ivoortoring van die lewe afgesonder en die produkte van die historici het die reuk van die laboratorium begin verkry. Hulle het feite opeengehoop en 'n geslote gesprek onder mekaar gevoer. Die kultivering van tradisionele en vervulde politieke ideale waarvan hulle die pleitbesorgers geword het, het gedreig om konvensioneel te word.[40]

Dit was in hierdie atmosfeer van stagnasie en verstarring in die objek en metode van die historiese geleerdheid dat kritiek teen die oorgeërfde 19de eeuse vorm van wetenskaplike geskiedenis al sterker in die 20ste eeu geword het. Ontevredenheid het ingetree omdat dit duidelik was dat geskiedenis agtergebly het by die fundamentele, strukturele transformasie van die moderne wêreld en 'n veranderde intellektuele uitkyk. Sedert 1900 is die wetenskap van die geskiedenis uit eie geledere sowel as deur die sosiale wetenskappe bevraagteken: Dit sou nie meer voldoen aan die vereistes van die moderne samelewing nie. Die kritiek is o.a. gerig teen die elitistiese vooronderstellinge in die geskiedskrywing van oud-Europa met sy nasionale staatsbelange en voor-industriële politieke opset waarin die hermeneutiese metode in die lewe geroep is.[41] Geskiedenis wat sentreer het om politieke persoonlikhede en diplomasie moes vervang word deur 'n vergelykende sosiaal-kulturele geskiedenis wat die lewe van die massa bestudeer. Dit moet nie beperk word tot die dade van indiwidue nie, maar moet probeer om die bowe-indiwiduele, anonieme sosiale prosesse en strukture van die moderne samelewing te ontleed.[42] Daar is ook gepolemiseer teen die indiwidualiserend-hermeneutiese verstaansmetode van die oorgelewerde Duitse tradisie, want by die strukture en prosesse van die sosiale en ekonomiese ontwikkeling speel hermeneuties-

39. *Introduction*, voorwoord.
40. John Higham: *History, the Development of historical Studies in the United States*, Englewood-Cliffs, 1965, p. 352.
41. Jürgen Kocka: *Sozialgeschichte*, Göttingen, 1977, p. 54.
42. Ibid., p. 66.

uitlegbare handelinge 'n geringer rol as by die politieke geskiedenis wat staatsdokumente in die visier het. Kollektiewe verskynsels van anonieme aard kan eerder deur beskrywing en verklaring as deur hermeneuties-indiwidualiserende sinsverstaan ontsluit word. Daarom is geëis dat die hermeneutiese metode wat unieke gebeurtenisse beskryf, gedeeltelik vervang of aangevul moet word met 'n meer analitiese benadering wat na historiese verklaring met behulp van generalisasie soek, wat van die sosiale wetenskappe verkry is.

In Italië het Benedetto Croce[43] Ranke se strewe na "wie es eigentlich gewesen (ist)" as kroniekskrywing veroordeel en sy geloof dat die historiese werklikheid hom "objektief" aan die historikus openbaar, bevraagteken. Historiese kennis is onskeibaar van die vrae wat die historikus stel, wat 'n klemverskuiwing van die objek na die subjek gebring het, dus na vormgewing van die verlede. Croce het verkondig dat die historikus die verlede deur die spieël van die hede sien en dat 'n studie van die geskiedenis beteken 'n analise van die kragte wat in die huidige wêreld werk, waardeur hy aktiewe deelname aan die vorming van die toekoms kry. Dit was gedagtes wat 'n sterk aanhang by die Amerikaanse "New History" gevind het.

Alles in ag genome het die kritiek teen Ranke se model van wetenskaplike geskiedenis daarin bestaan dat die 19de eeuse konteks waarin sy tematologie en metodologie ontstaan het, in teëspraak geraak het met die veranderde sosiaal-ekonomiese wêreld van die 20ste eeuse kapitalisties-industriële samelewing, wat nuwe objekte aan die historikus verskaf het.[44] Dit is konvensioneel genoem in dié stadium toe die oorspronklike basis waarop dit gerus het, vervang is deur 'n nuwe wêreld, aan die eise waarvan dit nie meer kon voldoen nie. Die wysiging raak die nuwe tegnies-industrieëlstedelike werklikheid met sy nuwe tipe massa-menssamelewing, bowe-indiwiduele kollektiwiteite en eietydse sosiaal-ekonomiese en sosiaal-politieke probleme wat by verwaarlosing deur die geskiedwetenskap, aan die sosiale wetenskappe soos die sosiologie, ekonomie, sielkunde, volkekunde en staatsleer vir bestudering oorgelaat is. Hulle soeke na generalisasie, analise, teorie-vorming, hipotese, reëlmatighede en wetmatighede van en in die mens se gedrag, het die historici uitgedaag en genoop om weer 'n keer te kyk na hulle objekte, metodes en filosofiese grondslag. Dit het debatte aan die gang gesit o.a. oor die vraag of geskiedenis 'n geesteswetenskap of 'n sosiale wetenskap is, en of hy hermeneuties of analities te werk gaan, wat vandag nog voortduur.[45]

## 5 Reaksie teen Ranke se objek en metode in Amerika: 'n sosiaal-wtenskaplike benadering by die New History-skool

Tot 1876 was die Amerikaanse geskiedskrywing grootliks die werk van amateurs — "men of leisure" wat hulle voltyds met navorsing oor die nasionale geskiedenis besig gehou, en as "konserwatiewe evolusioniste" bekend gestaan het.[46] Aan die universiteite was geskiedenis 'n hulpwetenskap verbonde aan letterkunde en filosofie. Van die kant

43. Benedetto Croce: *Zur Theorie und Geschichte der Historiographie*, Tübingen, 1915, pp. 8—10 17—18; *Die Geschichte als Gedanke und als Tat*, Bern, 1944, pp. 137—138.
44. Georg G Iggers: *New Directions in European Historiography*, Middletown, 1975, p. 30.
45. Vgl. bv Jörn Rüsen: Seminar: *Geschichte und Theorie, Umrisse einer Historik*, Frankfurt a/M, 1976 — *Für eine erneuerte Historik, Studien zur Theorie der Geschichtswissenschaft*, Stuttgart-Bad 1976; Dieter Groh: *Kritische Geschichtswissenschaft in emanzipatorischer Absicht*, Stuttgart, 1973 Karl-Georg Faber: *Theorie der Geschichte*, München 1971—3; Gerhard Schulz: *Geschichte Heute Positionen, Tendenzen, Probleme*, Göttingen, 1973.
46. John Higham: *History, the Development of historical Studies in the United States*, Englewood-Cliffs 1965, pp. 150—157.

van die professionele historici het sowel 'n stryd teen die romantiese, konserwatiewe amateurrigting ontstaan as teen die hulpwetenskaplike karakter van geskiedenis.

Geskiedenis het hom eers in die derde kwart van die 19de eeu losgemaak van die literatuur en filosofie en tot 'n selfstandige wetenskap geword waarvoor aparte departemente ingerig is. In 1876 het die vakhistorici onder die invloed van Ranke gekom, nadat Herbert Baxter Adams sy metode na die Johns Hopkins-universiteit oorgeplant het, vanwaar dit oor die hele Amerika versprei, en die grondslag van sy geskiedwetenskaplike bedryf geword het. Teen 1895 het die helfte van die Amerikaanse vakhistorici hulle opleiding in Duitsland gehad. Ranke was die eerste erelid van die *American Historical Society.*[47] Die universitêre historici het as professionele konserwatiewe evolusioniste bekend gestaan. Hulle het Ranke se tipe temas en metode veral m.b.t. nasionale en institusionele geskiedenis gevolg en daarna gestrewe om onpersoonlike en onbetrokke geskiedenis te lewer. Ook is die Positivistiese rigting wat Amerika uit Europa binnegedring het afgeslaan. Ranke is beskou as die grondslaglegger van die Amerikaanse uiters faktuele en realistiese benadering tot die geskiedenis wat in skerp teenstelling met die literêre romantiese amateur-historici gestaan het.[48] Die historici was praktiese mense met 'n empiriese uitkyk, wat in reaksie gekom het teen Positivistiese teorieë en met selfvertroue die Amerikaanse vooruitgang toegelig het.

Teen 1910 het 'n aantal jong historici — produkte van die konserwatiewe wetenskaplike rigting — in opstand teen hulle leermeesters gekom. Simbolies daarvan was die loodsing van 'n "progressiewe" rigting wat die benaming van 'n boek van J H Robinson in 1912 aanvaar het, nl *The New History.* Dit het 'n kruistog oor tema en metode teen die konserwatiewe *establishment* gevoer, wat in Ranke se tradisie bly voortwerk het. Hulle het speodig as die "Progressiewe Skool" bekend geword. Dié rigting het die toneel van die Amerikaanse geskiedskrywing tussen die twee Wêreldoorloë oorheers. In die dertigerjare was hy met manne soos H E Barnes, sy profeet, en C Becker en Charles Beard aan die spits, in so 'n sterk posisie dat dit gelyk het of die konserwatiewe *establishment* op die agtergrond gedring is. Hy het sy intellektuele vitaliteit tydelik verloor waardeur institusionele, intellektuele, politieke en diplomatieke geskiedenis verval het.[49]

Die *New History* of Progressiewe skool[50] was die produk van omstandighede. Hulle het aangesluit by Theodore Roosevelt se "New Nationalism" en Woodrow Wilson se "New Freedom" vir 'n progressiewe Amerika, en in verset teen die "ou" wetenskaplike skool, hulleself "The New History" genoem, wat die Progressiewe politieke rigting kon bystaan om veranderinge in die samelewing aan te bring. Tweedens het die *New History*-skool hom by die besware van Jan Publiek teen die literêre gehalte van die konserwatiewe wetenskaplike skool se "dry-as-dust"-geskiedenis aangesluit. Hulle geskiedskrywing was in 'n ivoortoring los van die lewe opgesluit en hulle het slegs feite opeengestapel, ontoeganklik vir lesende leke. Derdens het die Progressiewes hulle aangesluit by die kritiek van mede-geleerdes uit die opkomende en invloedryke sosiale wetenskappe wat geskiedenis van onwetenskaplikheid en ondoeltreffendheid beskuldig het, omdat dit niks sou bygedra het tot die opsporing van reëlmatighede en wette in die verlede soos o.a. "sosiale veroorsaking" nie, en dus steriel gebly het wat die oplossing van sosiale probleme betref. Hierdie kritiek het die trots van die geskiedenis

47. Ibid., pp. 158–170.
48. Ibid., p. 99.
49. Ibid., p. 188–190.
50. Vgl. Richard Hofstadter: *The Progressive Historians: Turner, Beard, Parrington,* Londen, 1969

uitgedaag, nl. sy wetenskaplike status.[51] As geskiedenis 'n *bona-fide* wetenskap wou wees moet hy algemene beginsels formuleer. Dié is deur die konserwatiewe *establishment* met behulp van die Duitse argumente teen Lamprecht verwerp, wat 'n stryd teen die aanslag van die sosiale wetenskappe in Amerika ontketen het met die doel om geskiedenis se wetenskaplike selfrespek te verdedig.[52]

Anders was die houding van die *New History*-progressiewes wat gefassineer was deur die empiriese sosiaal-wetenskaplike navorsing oor kontemporêre samelewingsprobleme. John Dewey het verklaar dat die hede, die hier en nou, die ou tipe historiese navorsing oorskadu, want die oog moet op die toekoms gerig word, en dat die historici "sosiale teorie" verwaarloos. Die *New History* wou die ou, tradisionele geskiedenis juis hervorm om dit in ooreenstemming te bring met eietydse belange, en aan te pas by die sosiale wetenskappe soos die staatsleer, sosiologie, ekonomie en antropologie wat die publieke oog gevang het. Dit het tot 'n dertigjaar-lange stryd met die konserwatiewe *establishment* gelei en na langgerekte debatte oor die objek en metode en aard en wese van die geskiedenis.

Die *New History*-progressiewes wou die Amerikaanse geskiedenis verdemokratiseer deur van die politieke en intellektuele elites se bevoorregting weg te beweeg en kontinentale dimensies in die tematiek te bring. Om dié doel te bereik, is eerstens die verlede in 'n gees van "present-mindedness", bewustelik ondergeskik aan die hede gemaak, deur aspekte van die verlede tot objek van studie te kies wat relevant aan die behoeftes van die hede is. Om pragmatiese redes is voorkeur aan die resente verlede en intellektuele strominge gegee. Die belange van die hede moet die keuse van verlede-objekte bepaal, waardeur die klem van die objek na die kiesende subjek verlê is.

Tweedens het die *New History* wegbeweeg van die enge politieke, institusionele en diplomatieke objekte van die konserwatiewe *establishment,* en die veld van die geskiedenis verbreed deur as objek te kies alles wat die mens se alledaagse lewe raak, veral die sosiaal-ekonomiese milieu. Nie die groot manne moes bestudeer word nie, maar die menigte wie se lewe deur omgewingsinvloede bepaal word. Die Progressiewe historici het na verklarings van die verandering van sosiale of onpersoonlike kragte gesoek wat agter, of onder die sigbare vorm van die politieke liggaam werksaam was en is. Dit het meegebring 'n studie van objekte wat die belange van die hede dien, wat tot die betrokkenheid van die historikus by sy objek gelei het. Veranderinge in die samelewing is met behulp van omgewingsinvloede en die studie van toestande verklaar.[53]

Derdens het die *New History*-progressiewes 'n entoesiastiese verband bepleit met die sosiale wetenskappe wat die aktualiteit van die hede bestudeer het. Die posisie van geskiedenis ten opsigte van die sosiale wetenskappe was anders as in Europa, waar die verskillende akademiese studiegebiede uit 'n filosofie voortgekom het wat hull verdeling regverdig en elke dissipline sy plek in die hiërargie van kennis toeken. In Amerika het so 'n filosofiese fundering ontbreek, en het bruikbaarheid die plek van 'n vak in die hiërargie van kennis bepaal. Wou geskiedenis aan die begin van die 20ste eeu sy posisie in die *curricula* van die kolleges en universiteite behou, moes historici voorgee dat geskiedenis nie 'n geesteswetenskap is nie, maar een van die sosiale wetenskappe, en dat dit, soos ander sosiale wetenskappe, die samelewing van praktiese kennis kan voorsien deur die onderliggende patrone in die beweging van die sosiale lewe te onthul. Die

51. John Higham, a.w., p. 106.
52. Higham, a.w., p. 108.
53. Higham, a.w., pp. 111—113.

progressiewe historici het aangeneem dat Ranke se konsep van indiwidualiteit versoenbaar is met Lamprecht se kousaliteitswette.

Anders as in Europa waar geskiedenis as 'n vak met eie objek en metode beskou is, het die *New History*-manne geskiedenis as een van die sosiale wetenskappe gesien wat moet bydra tot die ontdekking van die wette van menslike ontwikkeling. Die konsep om geskiedenis aan die sosiale wetenskappe te verbind het groot invloed tussen 1909 en 1939 uitgeoefen. Dit was die gevolg van die idee van 'n progressiewe samelewingsvooruitgang in 'n geïndustrialiseerde wêreld. Omdat die progressiewe Amerikaanse historici geskiedenis as 'n tak van die gedragswetenskappe beskou het, en dus 'n instrument van sosiale verbetering, was hulle gretig om op die vertolking van die verlede al die werktuie en metodes wat deur die sosiale wetenskappe gebruik word, toe te pas. Vir hulle het die verlede nie net bestaan uit wat in die politieke sfeer gebeur nie; hulle het geglo dat dit bepaal word deur ekonomiese en psigologiese houdinge.[54]

Die sosiale wetenskappe moes hulp verleen om die geskiedenis beter te kan verstaan. Dit het 'n oorskryding van die konvensionele vakgrense meegebring. Die indiwidualiserende aspirasies is gedeeltelik opgegee en vir die Progressiewe historici het die vooruitgang van die historiese kennis afgehang van die samewerking van oorvleuelende dissiplines. As geskiedenis van nut wil wees, aldus die *New History*-skool, moet hy deelneem aan die tegnieke van vooruitgang en die soek van wette of reëlmatighede wat voorspelbare waarde het. Dit was volgens die *New History* die taak van die historikus om die uitkomste van die sosiale wetenskappe te sintetiseer en te integreer. Die ortodokse historiese metode vir die studie van die nuwe objekte is wel behou, maar aangevul met hulp-metodes uit die sosiale wetenskappe. Interdissiplinêre samewerking is hoog aangeslaan. Lang debatte is oor die regte houding tot die benybare sosiale wetenskappe gevoer en hoe hulle effektief kon saamwerk. Dit het geskiedenis in 'n afhanklikheidsposisie gebring en die konserwatiewe *establishment* tot verset.

Die tipe objekte wat gekies is, was alles-omvattend: konflikte tussen groepe, klassebotsings, immigrante, die "frontier",[55] die wildernis, die stedelike samelewing, die werkersklas, toestande en verhoudinge, die sosiale geskiedenis, "the people", "the common man", boere, handelaars, bediendes, ekonomiese instellings, slawerny, "cowboys", sendelinge, godsdienste, Idiane, etniese verdelings en onpersoonlike, bowe-indiwiduele sosiale kragte.[56] Sintetiese studies het die verbrede objek van die progressiewe historici weerspieël soos blyk uit Charles Beard se *The Rise of American Civilization* (1927) en A M Schlesinger en D R Fox se reeks, *A History of American Life*, wat bande soos *The Rise of the Common Man* en *The Rise of the City* ingesluit het.

Wat die historiese metode betref, die sosiale wetenskappe het daarop aangedring dat die geskiedwetenskap hom volgens húlle werkwyses moet hermodelleer. Die *New History* wou sy "agterstand" by die buurwetenskappe wat verder op die pad na die wetenskap gevorder het, inhaal deur die behandeling van verlede-objekte in die lig van eietydse behoeftes en probleme, wat vir die konserwatiewe vakwetenskaplikes onvergeeflik was. Die *Social Science Research Council* het die onbevredigende resultate

Higham, a.w., pp. 354 – 356.

F J Turner het roem verwerf met sy "frontier thesis" wat die Amerikaanse geskiedenis uit die grensomgewing verklaar het. Vgl. sy "The Significance of the Frontier in American History" (1894) in: *Selected Essays of Frederick Jackson Turner: Frontier and Section*, Englewood Cliffs, 1961, pp. 37 – 62, wat nie net 'n ommekeer in die Amerikaanse siening van sy eie geskiedenis gebring het nie, maar 'n hele historiografie tot gevolg gehad het.

John Higham: *History*, pp. 183 – 197.

van die tradisionele geskiedenis gekritiseer en wou die historici leer om nader aan die eietydse sosiale denke te beweeg deur hulle feite in ooreenstemming met 'n hede-relevansie te kies, wat *Mr Everyman* kan bevredig. Die *Council* wou die geskiedwetenskap nader bring aan die ander sosiale wetenskappe deur in 1946 *Theory and Practice in Historical Study*[57] uit te bring, wat die historiese relativisme tot 'n klimaks gevoer het. Dit is in 1954 opgevolg met *The Social Sciences in Historical Study*[58] waarvan elke bladsy veronderstel dat die sosiale wetenskappe die onselfstandige geskiedenis met sy enigste betroubare bron van teorie, tegnieke en getuienis voorsien, en daarom behoort die geskiedwetenskap hom volgens die model van dié buurwetenskappe te hermodelleer. *Die Social Science Research Council* wou aan die historici voorskryf wat hulle moet word om wetenskaplik te kan wees en hoe om hulle vak te hervorm. 'n Opvolgband, *Generalization in the Writing of History,*[59] was meer gematig oor generalisasie omdat die besef deurgedring het dat dit moeilik is om historiese veralgemeninge te kategoriseer, terwyl die sosiale wetenskappe intussen self meer waardering vir historiese perspektief ontwikkel het.

Die oorbeklemtoning van die subjek in die skepping van bruikbare kennis, hedebetrokkenheid, die minderwaardige gevoel van die *New History* teen die sosiale wetenskappe en sy onoordeelkundige koppeling daaraan, die verloëning van die eie-aard van geskiedenis, en die onpersoonlike kragte-analise wat die kleur van ekonomiese determinisme begin verkry het[60] — dit alles het tot 'n grenslose subjektivisme, relativisme,[61] skeptisisme en verwarring gelei: "The pragmatic New History had reached a dead end", aldus John Higham.[62] Die relativisme van die dertigerjare het die Progressiewe historici van die *New History* gevangenes van hulle eie tyd laat word. Dit het in diskrediet geraak en in 'n krisis beland. Die beeldestormery en taamlik vormlose metodologie het nie ver gestrek nie. Die groot gros Amerikaanse historici het hulle met hul eie nasionale geskiedenis volgens die konvensionele metodes besig gehou.

Na die Tweede Wêreldoorlog het reaksie by die jong liberale historici teen die progressiewe tradisie ingetree, wat na 'n herlewing van die vertroue in die tradisionele geskiedwetenskap gelei het. Hulle het die skeptisisme en relativisme afgewerp en van die pragmatiese geestesgesteldheid van "present-mindedness" ontslae geraak. Die "hervormings"-storm teen die tradisionele *establishment* het homself uitgewoed en 'n deklarasie van gedeeltelike onafhanklikheid het teen die sosiale wetenskappe ingetree, wat op 'n beklemtoning van die historikus se outonome identiteit uitgeloop het. Die relativiteitsbesef en onsekerheid in die natuurwetenskappe het ook die eise van die sosiale wetenskappe teenoor die geskiedenis versober. Die reaksie teen die onderwerping van geskiedenis aan dié wetenskappe het parallel verloop met die reaksie teen die onderwerping van die verlede aan die hede. Nie dat die sosiale wetenskappe verwerp is nie, net die geskiedenis se onafhanklikheid van hulle is beklemtoon. Die resultate van

---

57. *Bulletin* 54 (1946) van die *Social Science Research Council*, New York, 1946.
58. *Bulletin* 64 (1954) van die *Social Science Research Council*, New York, 1954.
59. Louis Gottschalk het as redakteur opgetree vir hierdie *Report of the Committee of Historical Analysis of the Social Science Research Council*, Chichago, 1963.
60. Vgl. Charles Beard wat onder die invloed van die Marxisme, *An Economic Interpretation of the Constitution* (1913) geskryf het, wat Amerika oor die ekonomiese belange van die "Founding Fathers" geskok het.
Vgl. Carl L Becker: *Everyman his own Historian*, Chicago, 1935; J H Huizinga: *De Wetenschap der Geschiedenis*, Haarlem, 1937, p. 98 en P J van Winter: "The New History" in *Theoria*, Pietermaritzburg, 1956, pp. 1–9.
John Higham: *History*, p. 131.

hulle ondersoek en aspekte van hulle metodes is nog steeds benut vir eie doeleindes, soos bv. die kwantitatiewe, statistiese metode.

Die houding van die na-oorlogse historici wat vernuwing in die geskiedwetenskap beoog het, was om die gedragswetenskappe as bydraende dissiplines te aanvaar, maar om ontslae te raak van die minderwaardigheidsgevoel wat teenoor hulle ontwikkel is. Daardeur is meer vrugte vir eie gebruik gepluk en 'n meer gesofistikeerde houding teenoor hulle ingeneem. Dit word nie meer betwis nie dat 'n deel van die antwoorde op die vrae waarmee die huidige historici die verlede tegemoet tree, in die sosiale of gedragswetenskappe gevind kan word. Die historici het besluit dat geskiedenis nie moet probeer om 'n sosiale wetenskap te word en sy eie aard te verloën nie, hoewel nog gebruik gemaak kan word van hulle abstraksies. Daar is aanvaar dat geskiedenis 'n pluralistiese wetenskap is, en dat daar baie soorte geskiedenis nâás baie soorte sosiale wetenskappe bestaan. Die besondere karakter van geskiedenis is benadruk, wat nie in 'n spesiale metode van sy eie lê nie, maar in die konvergensie van alle soorte tegnieke en insigte in die verklaring van die mens se ervaring in sy volle eksistensiële kompleksiteit binne 'n gegewe tydsduur.[63]

Sedert die sestigerjare het die oorgelewerde metodes en reëls vir die vertolking van die Amerikaanse geskiedenis onder 'n steeds breërwordende disintegrasie van geloofwaardigheid gely. Dié metodes omvat 'n gekompartementaliseerdheid en deskriptiewe empirisme wat om politiek, instellinge en persoonlikhede sentreer. Sosiaal-ekonomiese strukture en die evolusie van gemeenskappe oor tydperke van lange duur en tradisies in sowel materiële en kulturele terme, is nog nie behandel nie. Na die Tweede Wêreldoorlog het sosiale geskiedenis egter sterker na vore getree. Familiestudies, die geskiedenis van slawerny, nasionale herkoms, sosiale onrus en stedelike geskiedenis op interdissiplinêre basis, het opgebloei terwyl kwantitatiewe metodes in die cliometrie of *New Economic History* toegepas is.[64] Sosiale geskiedenis het wêreldwyd opgekom, ook in Brittanje, en geskiedenis het al meer verinternasionaliseer. Tans verkeer die Amerikaanse geskiedskrywing in 'n toestand van gisting en selfkritiek en is op soek na vernuwing.[65] Terwyl temas en metodes van die Franse *Annales*-skool Amerika begin binnedring[66] het die Amerikaanse empiriese sosiale wetenskappe groot invloed op die historici van Wes-Duitsland uitgeoefen.

## 6 Die verval van Ranke se hermeneutiese verstaansmetode by die Franse Annales-skool: geskiedenis 'n holistiese sosiale wetenskap

Soos in Duitsland met Lamprecht, en Amerika met sy *New History*, het daar aan die einde van die 19de eeu ook in Frankryk 'n stryd ontstaan teen die Ranke-konsepsie van geskiedeniswetenskap met sy tradisionele samelewingsbeeld. Die Industriële Rewolusie met sy sosiale vraagstukke, arbeidersbeweging, ekonomiese krisisse en massamensverskynsels het gewys op die grondliggende betekenis van sosio-ekonomiese en sosiopolitieke prosesse, wat die van Duitsland oorgenome Historisme met sy hermeneutiese

---

63. John Higham: *History*, pp. 132–144.
64. Georg Iggers: *Neue Geschichtswissenschaft*, pp. 219–257: "Neue Wege in der amerikanischen Sozialgeschichte" van die hand van M Frisch.
65. *Review I* nr. 314, 1978, Fernand Braudel Center for the Study of Economies, Historical Systems, and Civilizations, State University of New York: *The Impact of the Annales School on the Social Sciences*, pp. 165–168, artikel deur R M Andrews.
66. *Ibid.*

middel van tekskritiek laat bevraagteken het. Orals was daar 'n geroep na 'n integrerende kultuur- en sosiaal-ekonomiese geskiedenis.[67] Enkele historici het begin afsien van die tradisionele Franse geskiedskrywing van die Sorbonne wat in 1870—71 ná die Franse nederlaag by Sedan, deur Gabriel Monod uit Duitsland ingevoer is, en wat volgens Simiand in sy klassiekgeworde opstel van 1903, *"Méthode historique et science sociale"*, 'n afgod van die politiek, indiwidue en chronologie gemaak het.[68] Dit is van oppervlakkigheid en 'n onduidelike kousaliteitsbegrip verwyt terwyl die diepere oorsake van die geskiedenis op die terrein van die samelewing en sy totale ontwikkeling lê, en nie by indiwidue alleen nie. Die Duitse vorm van wetenskaplike geskiedenis wat as eensydig voorgekom het, moes uitgedryf en vervang word met 'n nuwe soort geskiedenis.

Die vernuwingsbeweging in Frankryk het van die sosiologie uitgegaan in 'n tyd toe die "versosiologisering" van geskiedenis veral in Duitsland van historiese materialisme of Marxisme verdink en verwerp is. Die nuwe beweging is sterk beïnvloed deur Émile Durkheim met sy groepsosiologie en soeke na die historiese wortels van die huidige samelewing. In 1894 het Paul Lacombe in *"De l'histoire considéré comme science"*, vir die eerste keer in Frankryk die tradisionele geskiedskrywing as "histoire événementielle" gestigmatiseer, d.i. blote gebeurtenisgeskiedenis, wat 'n eggo was van Durkheim se sosiologie. Durkheim se *Année Sociologique* het 'n belangrike rol in die sosiaalwetenskaplike oriëntering van die Franse geskiedskrywing gespeel. Francois Simiand (1873—1935) het vir geskiedenis en sosiologie 'n gemeenskaplike navorsingsaanleg gesien, nl. om maatskaplike verskyningsvorme as abstraksie op te vat en soortgelyk as natuurwetenskaplike fenomene te ontleed.

Van groter betekenis vir die beweging wat geskiedenis wou hernuwe, was Henri Berr (1862—1955) wat in 1900 'n tydskrif uitgebring het, *Revue de synthèse historique*. Dit het geskiedenis gepropageer as "'n nuwe wetenskap van die mens" wat 'n sintetiese kennis moet moontlik maak. Sy doel was om die versplintering wat deur spesialisasie ontstaan het, te vermy en om die verskillende takdissiplines waarin die geskiedskrywing homself opgesplits het, te verenig soos bv politieke, sosiale, ekonomiese, kuns- en wetenskapsgeskiedenis.[69] Sy wending teen die oorheersing van die politieke geskiedenis van gestaltes, en koördinering van die takdissiplines van geskiedenis wat bedoel was om hom uit die metafisika na 'n "wetenskaplike" stadium te lei met as doel 'n omvattende histories-sosiale psigologie, het onrus en verset by die *establishment* gewek, wat aan tradisionele metodes en objekte bly kleef het.[70]

Twee jong historici wat hulle by Berr aangesluit het, nl. March Bloch (1886—1944) en Lucien Febvre (1878—1956), het verder as Berr gegaan. In 1929 stig hulle 'n eie tydskrif, *Annales d'histoire économique et sociale*, wat as 'n alternatiewe program teen die hermeneutiese verstaansmetode en die eensydig politiek-gerigte geskiedskrywing van die Sorbonne-*establishment* moes dien. Dié tydskrif was wesenlik 'n spreekbuis vir 'n opvatting van geskiedenis in die middelpunt waarvan die langtermynse, anonieme ontwikkeling en maatskaplik-kulturele toestande en hulle strukture staan.

Febvre was gekant teen die hang na "feite". In die plek daarvan het hy 'n probleem-georiënteerde geskiedenis op die beginsel van "geen probleme, geen geskiedenis

---

67. Claudia Honegger: *M Bloch, F Braudel, L Febvre u.a.: Schrift und Materie der Geschichte, Vorschläge zur systematischen Aneignung historischer Prozesse*, Frankfurt a/M, 1977, p. 9.
68. Michael Erbe: *Zur neueren französischen Sozialgeschichtsforschung*, Darmstadt, 1979, p. 30.
69. Vgl. Georges Lefebvre: *La naissance de l'historiographie moderne*, Parys, 1971.
70. Fernand Braudel: Geschiedschrijving, Baarn, 1979, p. 27.

nie" voorgestel, wat verskil het van Langlois en Seignobos se "geen dokumente, geen geskiedenis nie". Anders as by Ranke berus die geskiedverhaal vir Febvre nie op één, of *die* enkele objektiewe metode, of handel dit nie oor 'n kort tydsbestek, indiwidue en gebeurtenisse nie. Sy geskiedskrywing was 'n protes teen die politieke geskiedskrywing wat Frankryk vir meer as 'n eeu oorheers het. Vir hom was dit nie veel meer as kronieke sonder wetenskaplike diepte nie. Febvre was 'n vyand van "die gees van spesialisasie" wat geskiedenis in waterdigte kompartemente of historiese takdissiplines opgesplits het. Hy wou nie aanvaar dat daar so-iets as diplomatieke geskiedenis, 'n geskiedenis van idees of selfs sosiale geskiedenis bestaan nie: daar bestaan slegs geskiedenis, "totale" geskiedenis sonder deelgebiede of takdissiplines.[71]

Waar Berr slegs tot 'n integrasie van alle takdissiplines van die geskiedenis wou oorgaan, was Febvre meer ambisieus en 'imperialisties'. Hy het geglo dat geskiedenis hom alleen kan vernuwe as hy ook alle buurwetenskappe wat die mens bestudeer as hulpwetenskappe, d w s hulle metodes, resultate en selfs uitgangspunte sou leer beheer. Geskiedenis moet holisties wees en hom uitstrek oor alle sosiale wetenskappe en nie net oor sy deelgebiede nie. Dit moet slegs één ondersoekfokus hê, nl. die mens en die één, enkele wetenskap, geskiedenis, moet hom teenoor alle ander menswetenskappe stel, wat 'n begrypliker, breër en mensliker geskiedenis sal moontlik maak. Die verbintenis van die geskiedenis aan die sosiale wetenskappe het aan hom 'n uitskuiwing van grense en nuwe vorme van belangstelling verskaf.[72] So 'n reikwydte oor die totaliteit van alle menswetenskappe waarvan die historikus hom op een of ander wyse moes meester maak, sou die geskiedenis in staat stel om uiteindelik sy eie geskikte metodes te ontwerp en sy eie terrein af te baken.

Waar die 19de eeuse geskiedwetenskap van die filologie uitgegaan het, vind Febvre 'n vertrekpunt in die geografie. Vir hom is die mens 'n tydelik-ruimtelike wese wat vanuit sy milieu en geestesklimaat verstaan moet word. Daarby sien hy die eenheid van die mens se lewe in historiese perspektief, wat tot sy konsepsie van 'n omvattende "totale" geskiedenis lei. Hy wou bo-oor die kultuurgeskiedenis van 'n tydperk 'n historiese etnologie en historiese psigologie grondves, waarby die verbinding van sosiologiese uitgangspunte en hermeneutiese vertolking, 'n omvattende verstaan van die veelsydigheid van 'n besondere kultuur moet moontlik maak.

Vir Febvre was geskiedenis 'n sosiale wetenskap, "'n wetenskap omtrent die verlede én 'n wetenskap omtrent die hede" wat as die grondwetenskap van die menswetenskappe op eie wyse 'n uitleg van die hele maatskaplike werklikheid gee. Sy beginsel "histoire science du passé, science du présent" staan in dialektiese opposisie teen Ranke se formule dat geskiedenis 'n ontdekking is van "wie es eigentlich gewesen (ist)".[73] Febvre se 'versosiologisering' van die geskiedenis het gelei na die vervanging van indiwiduele deur kollektiewe akteurs, 'n inagneming van anonieme, kwantitatiefmeetbare samelewingsprosesse en 'n heenleiding van die tradisionele ideë- of geestesgeskiedenis na 'n geskiedenis van kollektiewe mentaliteite wat ook die emosionele lewe van die verlede insluit. Sy integrale ekonomies-sosiale- en kultuurgeskiedenis het die verklarende funksie van vertelling sterker na vore gebring sonder om daardeur die nar-

71. Peter Burke: *A new kind of History, from the writings of Febvre*, London, 1973, p. xii.
72. Fernand Braudel: *Geschiedschrijving*, p. 32. Drie werke van Febvre is *La terre et l'evolution humaine*, Parys, 1922; *Un destin: Martin Luther*, Parys, 1928 en *Philippe II et le Franche-Comté*, 1911. Oor die werk van Febvre kyk ook Kees Bertels: *Geschiedenis tussen Struktuur en Evenement*, Amsterdam, 1973, pp. 33–52.
73. *Review* I, nr. 314, Winter/Spring 1978), *A Journal of the Fernand Braudel Center*, State University of New York, p. 5.

ratiewe struktuur van geskiedskrywing prys te gee, d.w.s. hy het 'n sintese van die hermeneutiese en die analitiese metode bewerkstellig.

Febvre se medewerker aan die *Annales*, Marc Bloch, wat nog sterk aan die tradisionele historiese metode gebonde was, het 'n samelewingsanalise in die sin van 'n gewysigde Marxistiese benadering en die groepsosiologie van Durkheim verenig. Nie die mens as indiwidu is in die sentrum van sy geskiedskrywing nie, maar *mense* wat uit saamgestelde maatskaplike groepe bestaan. Hy noem geskiedenis "kennis van die mens" en definieer dit as "die wetenskap van mense in die tyd".[74] Die objek van die geskiedenis is dus nie gebeurtenisse nie, maar slegs "die mens". Hy sien die lewe as 'n geheel, nl. as ingewikkelde wisselwerking van ideaal en werklikheid, van bewuste vernuwing en onbewuste behoud; daarom is geskiedenis 'n geheel; geen tydperk of objek kan verstaan word behalwe in verhouding tot ander tydperke of objekte nie. Daarby kan die verlede slegs deur die hede en die hede deur die verlede verstaan word, en is die enigste ware geskiedenis 'n universele geskiedenis. Aangesien die mens se bewussyn die objek van geskiedenis is, is die interverhoudinge, verwarrings en aantastings van die menslike bewussyn vir hom die werklikheid self, en daarom is historiese feite wesenlik psigologiese feite. Metodies is "verstaan" die vuurtoring van die studie van geskiedenis en kennis van die verlede iets vooruitstrewends wat hom voortdurend transformeer en vervolmaak.[75]

Sonder om in determinisme te verval, het Bloch die betekenis van ekonomiese en geografiese faktore vir die handeling van die mens ingesien. Die veranderinge wat na die hede gelei het, moet in die verlede opgespoor, en politieke gebeurtenisse deur ekonomiese, sosiale en kulturele geskiedenis verryk word, wat die historikus in staat sal stel om tot faktore-analise op so 'n breë grondslag moontlik oor te gaan, sodat dit duidelik word uit welke gronde en oorsake dit of dat op 'n bepaalde tydstip plaasgevind het. Deur hierdie opvatting van geskiedskrywing het Bloch die Franse geskiedskrywing met 'n vergelykende en regressiewe metode, veral op die gebied van plattelandse en agrariese geskiedenis verryk.[76]

Die beroemdste Franse historikus van die 20ste eeu is 'n leerling van Febvre, Fernand Braudel (geb 1902).[77] Om die nuwe soort objekte en metodes wat hy in die *Annales*-skool ingebring het, te illustreer, moet na sy hoofwerk, *Die Middellandse See en die wêreld van die Middellandse See in die tyd van Filips II*[78] gekyk word. Braudel het gebeurtenisgeskiedenis wat om politiek sentreer, oppervlakkig gevind en dit "die wetenskap van toeval", van in besonderhede vertelde verhale genoem waarby tyd gerekonstrueer word en as "'n half-sagte wetenskap" gestigmatiseer.[79] Teenoorgesteld hieraan, was sy doel om die dieptelae van die geskiedenis onder die oppervlakte van die politieke geskiedenis te onthul — die onbewuste ondergrond, nl. strukture waarvan die lewende mense van die verlede nie een bewus was of kon wees nie. Hy het soos ander *Annales*-skoolhistorici onder die indruk gekom van Levi-Strauss e.a. se antro-

---

74. Marc Bloch: *The Historian's Craft*, Manchester, 1954, p. 27.
75. *Ibid.*, vir aanhalings, pp. 25, 43, 47, 58, 143, 151, 194.
76. Vgl. Michael Erbe, a.w., p. 93. Voorbeelde van die werk van Bloch is o.m. *Les caractères originaux de l'histoire rurale francaise*, Oslo, 1931 en *La société feodale*, Parys, 1939—1940.
77. Oor Braudel kyk Fernand Braudel: *Écrits sur l'histoire*, Parys, 1969, pp. 11—38; Michael Erbe: *Zur neueren französischen Sozialgeschichtsforschung*, Darmstadt, 1979, pp. 73—90; Claudia Honegger: *M Bloch, F Braudel, L Febvre*, Frankfurt a/M 1977 en Kees Bertels: *Geschiedenis tussen Struktuur en Evenement*, Amsterdam, 1973, pp. 94—146.
78. *La Méditerranée et la monde Méditerranéen a l'epoque de Philippe II*, Parys 1979, eerste druk, 1949.
79. Fernand Braudel: *Geschiedschrijving*, pp. 87—88.

pologiese en linguistiese strukturalisme wat 'n nuwe element tot die geskiedskrywing toegevoeg het, wat vir begrip iets anders verg as die hermeneutiese verstaansmetode.[80] Braudel se bydrae tot die geskiedwetenskap in teenstelling tot Ranke, lê in 'n differensiasie van die historiese tyd, nl. in geografiese, sosiale en indiwiduele tyd wat nie ewe snel verloop nie, in die nadruk op lange duur in historiese verlope en op geskiedenis as 'n interdissipline, ope na ander sosiale wetenskappe, maar tegelyk soewerein.[81]

Braudel se Middellandse See-boek handel nie oor enkelpersoonlikhede of groepe nie, maar oor 'n ruimte wat hy as historiese persoonlikheid behandel, en waarin hy oorgaan tot die dekomposisie van geskiedenis in drie vlakke of niveau's ooreenkomstig die drievoudige verdeling van die tyd. Die drie dele van die boek behandel eerstens die onderste vlak waarin ons dieptegeskiedenis onder die oppervlak kry, nl. 'n beskrywing van die gebergtes, hoog- en laagvlaktes, seë, kuste, klimaat, seisoene, paaie en stedelike nedersettings — die geogeskiedenis of die handelingsruimte van die mens wat in betrekking met sy milieu staan. Dit is 'n baie langsaam vloeiende en homself baie stadig-wysigende geskiedenis waarin opvallende herhalinge voorkom asook telkens opnuut herhalende siklusse. Dit vorm 'n struktuur wat byna buite die tyd staan en nie gou deur hom aan stukke gebreek word nie, maar baie langsaam met hom meegaan. Strukture daarin word tot stabiele elemente in 'n eindelose ry van generasies wat oor eeue kan strek; dit belemmer en vertraag die verloop van die geskiedenis, maar bepaal dit ook. Die mens bly volgens Braudel byna 'n gevangene van 'n bepaalde klimaat, is gebonde aan 'n bepaalde vegetasie en diereweêreld en vorme van landbou en veeteelt, waarvan hulle nie maklik ontsnap nie. Hierdie onderste vlak van trae en baie langsaam-verlopende, byna onbeweeglike gebeure, noem hy "histoire quasi immobile" wat aan die geografiese tyd gebonde is.

In die tweede deel van die Middellandse See-werk behandel Braudel temas onder die ekonomiese geskiedenis soos pryse, goud, silwer, speserye, graan, handel en transport, waarop sosiale geskiedenis volg wat daarmee saamhang, soos politieke organisasies van die Spaanse en Turkse Ryke, kulturele uitbreiding en reaksie, die wel en wee van die aristokrasie, burgery, armes en bandiete, en die wyse van oorlogvoering en seerowery. Hierdie gebeure val op die tweede vlak, bokant die haas onbeweeglike geogeskiedenis, maar beweeg as dieptelaag van die geskiedenis ook onder die oppervlakte. Dit verloop met 'n langsame ritme en in siklusse, hoewel minder snel as die eerste — die "histoire lentement rhythmée". Hierdie sosiaal-ekonomiese geskiedenis behandel groepe, state, kulture en samelewings, waarvan die gebeure soos grondgolwe stadig verloop. Dit laat ons sien hoe al die kragte uit die diepte aan die werk is om oppervlaktegebeure soos bv. oorloë te beweeg. Dié niveau val veral op die terrein van die materiële bestaan van die mens, wat ekonomiese siklusse en tussen-siklusse volg — die konjunkturele geskiedenis wat aan die sosiale tyd gebonde is.[82]

In die derde deel van die boek behandel Braudel die tradisionele politieke en militêre gebeurtenisse volgens die hermeneutiese verstaansmetode, maar as uitvloeisel van die eerste twee verdiepings van diepte-geskiedenis, wat dit bepaal, nl. die gebeurtenisse in die laaste jare van Karel V tot die dood van Filips II. Die derde vlak is nie die terrein van 'die mens' nie, maar van indiwidue, en dit noem Braudel gebeurtenisgeskiedenis wat aan die oppervlak beweeg soos golwe wat deur eb en vloed in hulle magtige beweging uit die dieptelae opgekom het. Dit is die terrein van die mikro-

80. Vgl. Paul Ricoeur: *Hermeneutik und Strukturalismus, der Konflikt der Interpretationen, I*, München, 1973; Jean Piaget: *Der Strukturalismus*, Olten, 1973 en Günter Schwiwy: *Der fransösische Strukturalismus*, Hamburg, 1969.
81. Fernand Braudel, a.w., p. 8.
82. Fernand Braudel, a.w., pp. 47, 107.

geskiedenis, van die vinnige beweging van politieke gebeurtenisse, 'n oppervlakte-geskiedenis met korte duur en senuagtige skommelinge en gebonde aan 'n indiwiduele tydsverloop.

Om saam te vat, Braudel sien geskiedenis as gelaagd in drie vlakke wat bo-oor mekaar lê, 'n 'totale' of 'integrale' geskiedenis, alles insluitend. Daarin wil hy die interafhanklikheid aantoon van handelinge en verlope in drie tydsvlakke of tempi, die geografiese, sosiale en indiwiduele tyd wat ooreenstem met strukturele, d.i. geografiese geskiedenis, konjunkturele ekonomies-sosiale- en mentaliteitsgeskiedenis en die snel wisselende gebeurtenisgeskiedenis aan die oppervlakte, en dié wentel konsentries om die twee lae van dieptegeskiedenis soos planete om die son. Struktuurgeskiedenis is vir Braudel die eindelose, onverwoesbare geskiedenis van strukture en struktuurgroepe, argitektuur en bundeling, iets wat standhou en dikwels meer as 'n paar eeue deur groot tydsgebiede heen wandel, sonder om te verander. 'n Historiese struktuur is die inwendige bou, 'n ordeningsvorm, organisasie of 'n samehang van vry vaste betrekkinge tussen die realiteit en kollektiewe kragte en sosiale groeperinge, en verloop volgens 'n haas onbeweeglike tyd wat baie langsaam ontrol en koppig voortgaan om homself te herhaal. Die strukture word stabiele elemente van 'n oneindige ketting van geslagte, blokkeer die tyd en versteur en bepaal hulle verlope. Dit geld siklusse en krisisse en bring reëlmaat in die voortduur van stelsels, ou denkgewoontes, handelinge en taaie vorme van geestesgesteldhede wat moeisaam tot 'n end kom. Ook die onbewuste vorme van sosiale lewe vorm byna tydlose strukture. Dit is volgens Braudel in die middelvlak van sosiale strukture waar die geskiedenis en sosiale wetenskappe mekaar behoort te raak. Geskiedenis moet volgens Braudel bevry word van sy gebeurtenis-betrektheid wat die sosiale wetenskappe die geleentheid bied om op gelyke vlak met hom in die tyd van langsame verloop te kom.

In teenstelling met Ranke sien Braudell die geskiedenis as 'n bepaalde dimensie van die sosiale wetenskappe, waarmee hy één geheel vorm. Dit is die mins gestruktureerde, en dus een van die mees wendbare en mees ope vakke van die sosiale wetenskappe. Dit is die som van alle moontlike vorme van geskiedenisbedryf — 'n versameling van aanpak en standpunte "van gister, vandag en môre." Onder geskiedenis verstaan Braudel 'n wetenskaplik gevoerde ondersoek, 'n wetenskap ja, maar dan 'n komplekse wetenskap. Daar bestaan nie één geskiedenis nie, nie één ambag wat deur die historikus beoefen word nie, maar verskillende ambagte en verskillende vorme van geskiedenis, en 'n enorme hoeveelheid nuuskierigheid, gesigpunte en moontlikhede waarby môre al weer 'n hoeveelheid anders gerigte nuuskierigheid, ander gesigspunte en ander moontlikhede sal voeg. Die menswetenskappe interesseer hulle almal vir een en dieselfde landskap, dié van vroeër, die huidige en die toekomstige handelinge van die mens — elk vanuit 'n ander waarnemingspos. Die vak geskiedenis tree buite sy oewers waarby die gebied van die sosiale wetenskap in gedrang kom. Die historikus rig sy nuuskierigheid na alle kante, na die psigologie, ekonomie, sosiologie, antropologie en demografie. Die soeke na 'n nie-gebeurtenisgeskiedenis het hom dwingend na kontak met ander menswetenskappe opgedring. Die geskiedenis wou volgens Braudel 'n onmoontlik algemene menswetenskap wees en was dus oorgegee aan 'n jeugdige imperialisme.[83]

Tot dusver die 'nuwe soort' geskiedenis van enkele hooffigure rondom die *Annales*-groep. Neem 'n mens hulle ontwikkeling in oënskou, kan hierdie Franse skool van sosiale historici ingedeel word in die aanlooptydperk van 1900 tot 1929, toe die *Annales*-tydskrif gestig is, en 'n verbete stryd met die tradisionele Duitse vorm van

83. Fernand Braudel, a.w., pp. 61, 95, 99, 101, 103, 110.

hermeneutiese geskiedskrywing in Frankryk gevoer het. Die opposisie teen die *establishment* het van 1929 tot 1945 geduur. In 1946 is die naam van die 1929-*Annales*-tydskrif verander na *Annales: Economies, Sociëtiës, Civilisations*, wat op 'n geïntegreerde ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis dui. In 1947 is die *Annales*-groep met die totstandkoming van die Sesde Afdeling van die *École Pratique des Hautes Études* vir sosiale en ekonomiese geskiedenis geïnstitusionaliseer, wat hom die geleentheid gebied het om die belangrikste sentrum vir geskiedenisnavorsing in Frankryk te word. Daar is die sosiale wetenskappe sedert 1947 rondom die geskiedenis as sentrale sosiale wetenskap georganiseer. In 1975 het dit die status van 'n universiteit gekry wat self grade toeken. Die weerstand van vroeër is oorwin deurdat jong historici hulle na die Tweede Wêreldoorlog by die nuwe skool geskaar het. Dit het die ou tipe geskiedskrywing aangevul, indien nie vervang nie en self tot die *establishment* van die Franse geskiedskrywing geword. Die *Annales*-groep het wêreldwyd bekend geword en in die 20ste eeu die aansien verkry wat die Duitse vorm van geskiedskrywing in die 19de eeu geniet het. Die *Annales*-geskiedskrywing word in die Franssprekende lande soos België en Switserland nagevolg, asook in die Latynse lande soos Italië, Spanje en Portugal. Dit het weerklank in Nederland,[84] die V S A,[85] Brittanje,[86] Pole,[87] en Wes-Duitsland,[88] gehad en slaan sy vleuels steeds verder uit.

In vergelyking met die 19de eeuse Duitse geskiedskrywing wat op die Idealisme, Historisme en Romantiek gegrondves was, is die nuwe Franse *Annales*-geskiedskrywing 'n erfgenaam van die Verligting, die Positivisme en die Naturalisme. Drie tradisies het daarin saamgeloop: eerstens die sosiologiese van Émile Durkheim, tweedens die geografiese van Vidal de la Blache en derdens 'n reaksie teen die Duitse vorm van geskiedskrywing soos verteenwoordig deur die Sorbonne-professore. Die hermeneutiese tradisie van narratiewe geskiedskrywing is verbind aan die analitiese tradisie van die Franse filosowe en Verligte hervormers van die 18de eeu. André Burguière sien die *Annales*-skool[89] as 'n reaksie teen die narratiewe Ranke-skool wat die gevolg was van

84. Die hooffiguur in Nederland is Bernard Slicher van Bath van die Economische Hoogeschool te Wageningen.
85. Vgl. die Fernand Braudel Center for the Study of Economies, Historical Systems, and Civilizations van die State University of New York en sy orgaan *Review*.
86. Vgl. die Britse tydskrif *Past and Present* wat die Engelse "Annale" genoem is, en waaraan B C Hill en Eric Hobsbawm meewerk.
87. In Pole is Witold Kula 'n volgeling van die *Annales*-geskiedenis.
88. Die Duitse "*Annales*" word verteenwoordig deur die tydskrif *Geschichte und Gesellschaft* wat sedert 1975 aan die Universiteit Bielefeld uitgegee word, en waarvan Hans-Ulrich Wehler met sy *Historische Sozialwissenschaft* die beweegkrag is.
89. Vgl. André Burguière se "The New Annales: A Redefinition of the Late 1960's" in *Review* (soos vermeld), pp. 195–206 en Burguière se artikel, "Histoire et structure", in *Annales Economies, Sociétés, Civilisations*, nrs. 3 en 4, Mei-Augustus 1971. Die geskiedenis van die *Annales* word ook behandel in *Annales* jrg. 34, nr. 6, Nov-Des 1979 deur André Burguière in "Histoire d'une histoire: la naissance des Annales" (pp. 1344–1359) en Jacques Revel in "Histoire et sciences sociales: les paradigmes des Annales" (pp. 1360–1376). Onderhoude met hulle in 1980 word weergegee in F A van Jaarsveld: "Nuwe rigtings in die Europese geskiedskrywing" in *Historia* Mei 1981, pp. 2–7. Vir 'n oorsig oor die *Annales*-skool se metodes en opvattinge oor die geskiedenis kyk: Jacques Berque (e.a.): *Aujourdh'hui l'histoire*, Parys, 1974; Pierre Chaunu: *De l'histoire a la Prospective*, Parys, 1975; Michel de Certeau: *L'ecriture de l'histoire*, Parys, 1975; Léon-E Halkin: *Initiation a la critique Historique*, Parys, 1973; Gérard Mairet: *Le discours et l'historique*, Maison Mame, 1974; Jacques le Goff en Pierre Nora (reds): *Faire de l'histoire* (3 dele), Gallimard, Parys, 1974; Pierre Chaunu: *Histoire science sociale — La dureé, l'espace et l'homme*, Parys, 1974, en Jean Glennison se artikel, "Die französische Historiographie der Gegenwart, Tendenzen und Ergebnisse", in Gilbert Ziebura e.a.: *Wirtschaft und Gesellschaft in Frankreich seit 1789*, Gütersloh, 1975. 'n Onontbeerlike naslaanwerk is Jacques le Goff: *La nouvelle Histoire*, Parys 1978. Kyk ook Emmanuel Le Roy Ladurie: *The territory of the Historian* en *The mind and method of the Historian*. Sussex, 1979 en 1981.

enersyds politieke redes — dit het die mondstuk van die vroeg 19de eeuse nasionale staat geword — en andersyds van die invloed van die scientisme van die eksperimentele wetenskappe. Die empiriese data van die tradisionele geskiedenis was geskrewe argiefbronne en sy navorsingsveld dit wat deur die bronne onthul word, nl. die openbare sektor. In die Ranke-tradisie was daar 'n analogie met die bioloog se sel en die fisikus se atoom: vir die historikus was dit die dokument, historiese feit of gebeurtenis. Die opkoms van die jong sosiale wetenskappe soos sosiologie en volkekunde wat met groepe te doen het, het geskiedenis gedwing om sy identiteit binne 'n beperkte ruimte te herdefinieer, en daarom het hy teruggeval op die staat en die politieke sfeer.

Émile Durkheim het in opstand teen die oorheersing van die hermeneutiese geskiedenisbeoefening gekom, wat hy as "imperialisme" bestempel het. Hy het geskiedenis nie as 'n wetenskap beskou nie, en wou sosiologie verhef tot die enigste sosiale wetenskap. Die *Annales*-skool was insgelyks 'n reaksie teen die "imperialisme" van die politieke geskiedenis, is deur die sosiale wetenskappe beïnvloed en wou vir geskiedenis 'n egte sosiaal-wetenskaplike metode ontwikkel. Voor 1945 het die *Annales*-skool hom veral met die ekonomiese geskiedenis bemoei, maar vanaf 1945 het die belangstelling na sosiale geskiedenis verskuif wat tot ongeveer 1969 sterk beoefen is, toe antropologiese geskiedenis begin aftrek kry het. Febvre en Bloch het historici uitgenooi om die ministeriële kantore en parlementêre kamers te verlaat en sosiale groepe en ekonomiese strukture "lewend" daarbuite te aanskou, en "rou" materiaal te behandel wat deur Ranke en sy volgelinge verwaarloos is, soos byvoorbeeld onpersoonlike en seriële dokumente. Dit was die historikus se wyse om "buite" te skilder. As nuwe soorte bronne het lyste van markpryse vir die studie van fluktuasies in agrariese produksie gedien, notariële rolle vir die veranderende lotgevalle van familieplase en kerkregisters vir die studie van demografiese bewegings. Sulke seriële bronne dring deur die statistiese prosessering die *trends,* neigings of ritmes van evolusie uit, en nie kwalitatiewe standpunte, of 'n gekonstrueerde aanbieding van die werklikheid nie. Die doel was om die dieper meganismes van 'n samelewing uit te bring deur tot anderkant die gemanifesteerde werklikheid van die geskiedenis deur te dring, en dus te ontsnap aan amptelike mitologie, waartoe interdissiplinêre samewerking en spanwerk bygedra het.

Die nuwe objekte van die geskiedenis word weerspieël in 'totale' streeksgeskiedenisse, kwantitatiewe konjunktuurgeskiedenis, ekonometrie, demografiese geskiedenis, kollektiewe mentaliteite, d.i. geestesklimaat of wêreldbeskouing, en antropologiese temas soos o.a. die geskiedenis van die liefde en die dood.[90] Wat die metode van die *Annales*-groep betref, daaroor is baie nagedink, geraai en gestry sonder om duidelikheid te verkry presies wat onder *die Annales*-metode verstaan word. Vir die Franse gaan dit om praktiese navorsing en nie om die metode nie: byna alle gebiede wat iets nuuts tot die historiese kennis kan byvoeg, is bestryk. 'n Metodiese beginsel is egter onomstrede, nl. die grondstelling van 'n metodiese openheid vir alle navorsings- en denkaanlope. 'n Mens sou eerder van 'n metode-pluralisme kan praat, wat iets anders is as die tradisionele, één enkele hermeneutiese metode.[91]

Vra 'n mens of die 'nuwe soort geskiedenis' sinvol is, moet in gedagte gehou word dat die massa-samelewing van die industrieel-stedelike werklikheid ander vrae aan die verlede stel as 'n ouere elitegroep wat meer wou weet van staatshandelinge, persone en leiers. Die moderne massa-mens wil ook ander dinge oor die samelewing as vorige ge-

90. Vgl. bv Philippe Aries: *L'homme devant la Mort,* Parys, 1975
91. Vgl. Michael Erbe, a.w., pp. 91—119.

slagte te wete kom. Die bepaling van politieke besluite deur ekonomiese en maatskaplike noodsaak, en die wêreldwye ineengestrengeldheid van alle huidige vraagstukke, wek 'n gans ander belangstelling in die geskiedenis as vroeër. Dit gaan ook uit na die onderste lae van die samelewing, die gewone, deursneemens en sy alledaagse lewe, sy materiële lewensvoorwaardes en die daarmee samehangende instelling op verskeie dinge van die lewe. Om dié rede word die strukture van maatskaplike saambestaan en die mentaliteite van grotere bevolkingsgroepe oor lange tydsduur bestudeer, asook die lewe van die breë massas wat óm die staatsmanne lewe, en van wie hulle afhanklik is — o.a. hoe hulle geleef, gewerk, gedink, gevoel en gedoen het, en aan welke gang dit onderworpe was. As gevolg van sy metodiese openheid kan die *Annales*-historici die beste antwoord gee op die problematiek waarvoor die geskiedskrywing in die huidige wêreld staan. 'n Leemte is die byna volkome uitskakeling van die staat en politiek. Waarvan Duitsland te veel gehad het, het Frankryk te weinig. Die balans tussen die nuwe en die tradisionele geskiedenis behoort deur 'n kombinasie van beide herstel te word.[92]

### Die aanvulling van die hermeneutiese met die analitiese metode in die Duitse geskiedskrywing ná 1960: Sosiale geskiedenis, struktuurgeskiedenis en 'n "Historische Sozialwissenschaft"

Ná die oorwinning wat die Duitse vakwetenskaplike historici in hulle stryd teen Karl Lamprecht se kousaal-analitiese metode en kollektivistiese geskiedbeskouing aan die einde van die 19de eeu behaal het, het hulle hul aristokratiese geledere gesluit en die tradisionele tematologie en hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode voortgesit tot in die Weimar-republiek, wat ná die Eerste Wêreldoorlog ontstaan het. Tot die bewindsoorname deur Adolf Hitler in 1933, het die historiese navorsing sedertdien om die Duitse nasionale staat en die bewysvoering van sy onskuld in die veroorsaking van die oorlog gewentel. Die tradisionele geskiedsbeeld wat 'n sosiaal-ekonomiese blindheid geopenbaar het, het gesentreer om die idealisering en verheerliking van mag, die heroïsering en etisering van oorlog en die radikalisering en verabsolutering van die nasionale idee.[93] Dit is van 1933 tot 1945 deur die Nazi-geskiedskrywing wat volgens 'n voorgeskrewe patroon voortgebring is, versterk.

Ná die katastrofe en nederlaag van 1945 het die Wes-Duitse vakhistorici — die Oos-Duitse geskiedkundiges het tot die Marxistiese resep vir geskiedskrywing oorgegaan — op die tradisionele geskiedskrywing soos dit in die Weimar-republiek beoefen is, teruggeval.[94] Onder leiding van Friedrich Meinecke en Gerhard Ritter is die Rankemodel voortgesit en op die staat en politiek en die hermeneutiese metode gekonsentreer.[95] Dit het egter nie die opkomende jonger geslag historici bevredig nie, met die gevolg dat 'n krisis in die Duitse vakwetenskaplike geskiedskrywing ingetree het.[96] Die rede is dat hulle wêreld verander het. Vrae het na vore gekom wat nie meer deur die geykte historiese metode en objek van navorsing bevredigend beantwoord kon word

92. Vir kritiek op die Annales-skool kyk F A van Jaarsveld: *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie,* Pretoria, 1980, pp. 87—88 en Dieter Groh: *Kritische Geschichtswissenschaft in emanzipatorischer Absicht,* Stuttgart, 1973, pp. 67—91, veral 88—91.
93. Walther Hofer: *Geschichte zwischen Philosophie und Politik,* Basel, 1956, p. 26.
94. Vgl. bv. Paul Kirn: *Einführung in die Geschichtswissenschaft,* Berlyn, 1947, pp. 63—70 waarin hy "Das geschichtlichen Verstehen" as die enigste historiese metode vooropstel.
95. Vgl. Bernd Faulenbach: *Geschichtswissenschaft in Deutschland, traditionelle Positionen und gegenwärtige Aufgaben,* München, 1974, pp. 112—120.
96. Georg Iggers: *Neue Geschichtswissenschaft,* München, 1978, pp. 11—54.

nie. Die krisis het dáárin bestaan dat die historiese omstandighede wat die staat en politiek tot objek van navorsing volgens die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode, voortgebring het, onherroeplik verbygegaan het, nl. die konserwatief-aristokratiese, burgerlik-monargale nasionale staat in 'n tyd van die nasionalisme, Romantiek, Idealisme en Historisme.

Na die Tweede Wêreldoorlog, veral gedurende die jare sestig, het die bewussyn deurgebreek dat ekonomiese en sosiaal-historiese temas en vrae te weinig aftrek in die tradisionele politiek-georiënteerde geskiedskrywing gekry het. Dit is aan 'n swakke deelgebied van die geskiedenis, nl. die sosiale geskiedenis en die sosiale wetenskappe oorgelaat. Die nuwe samelewing wat die gevolg was van die Industriële Rewolusie en die kapitalistiese ekonomie, het wesenlik verskil van die vroeg 19de eeuse samelewing waarin die staat sentrale objek van navorsing, en die indiwidualiserende metode die enigste metode was vir die verstaan van persoonlike motivering en veroorsaking. Spesialisasie en detailondersoek en die opeenhoping van feite, het tot fragmentering van die historiese werklikheid en gebrek aan sintese gelei. In 'n hervormingsatmosfeer en veranderde intellektuele klimaat, het die jong historici behoefte gehad aan 'n historiese hede-verklaring en 'n geheel-vertolking van die samelewing, en derhalwe hulle ontevredenheid met die oorgeërfde, uitsluitlik politieke aard van die Duitse geskiedskrywing te kenne gegee. Hulle het nie behoefte aan 'n elitistiese beskouing gehad nie, en om sosiale geskiedenis gevra — die verwaarloosde, onderste lae van die samelewing van die klein mensies en hulle alledaagse lewe. Daar was ook 'n behoefte aan 'n "algemene" geskiedenis wat nie die politiek tot sentrum het nie, maar wat vanuit 'n sosiaal-historiese hoek gesien moet word, d.i. samelewingsgeskieenis.

Teenoor die moderne, bowe-indiwiduele kollektiewe verskynsels van die anonieme massamens van die industrieel-stedelike werklikheid, verhoudinge en toestande, in onderskeid met die indiwiduele gebeurtenisse, persoonlikhede, beslissinge en handelinge, het die tradisionele Duitse geskiedskrywing magteloos gestaan. Die geskiedskrywing sedert Niebuhr en Ranke het hom eerder op vertolking van verstaanbare beslissinge en handelinge as op die analise van objektiewe voorwaardes en funksies daarvan toegelê, dus eerder op gebeurtenisse gelet as op die langsaamveranderende onder- en agtergrond van sulke gebeurtenisse. Dit was makliker om groot historiese persoonlikhede in die middelpunt van daarstellings te plaas as bowe-persoonlike of ook onderpersoonlike samehange en dié dan met behulp van die hermeneutiese metode te verstaan. Vandaar die afwysing sedert Lamprecht van die sistematiese sosiale wetenskappe wat kollektiewe fenomene bestudeer het, en daarmee samehangend 'n kollektivistiese geskiedbeskouing.

Afgesien van die eise van 'n skeptiese jeug het ander faktore meegewerk aan die wysiging van die oorgelewerde objekte van indiwiduele aard en die geykte hermeneutiese verstaansmetode. Twee boeke het 'n bevrydende uitwerking op die tradisionele geskiedsbeeld gehad, nl. Fritz Fischer se *Deutschlands Griff nach der Weltmacht, Kriegzielpolitik des kaiserlichen Deutschland, 1914—1918*[97] en Hans-Ulrich Wehler se *Bismarck und der Imperialismus.*[98] Fischer het 'n einde gemaak aan die Duitse historici se onskuld-tese en die dolksteeklegende in die veroorsaking van die Eerste Wêreldoorlog, die Duitse skuld daaraan erken en 'n imperialistiese strewe oopgevlek,[99] terwyl Wehler nie die gewone politieke geskiedenis van die Bismarck-tyd

97. Düsseldorf, 1961.
98. Keulen, 1969.
99. Imanuel Geiss: *Studien über Geschichte und Geschichtswissenschaft*, Frankfurt a/M, 1972, pp. 108—198.

aanbied nie, maar 'n sosiaal-ekonomiese analise van binnelandse sake. Hy het aangetoon dat die binnelandse politiek die buitelandse optrede bepaal, en sosiologiese en ekonomiese teorieë op die geskiedenis toegepas. Terwyl Fischer die tradisionele geskiedsbeeld volgens ortodokse metodes aan 'n totale hersiening onderwerp het, het Wehler die finale deurbraak na 'n nuwe benadering in die geskiedwetenskap bewerkstellig, wat tot 'n heroriëntering in die Duitse geskiedskrywing gelei het.[100]

Hierby kom die invloed van teruggekeerde Duitse historici soos Hans Rosenberg en Eckart Kehr wat van Hitler deur emigrasie ontsnap, en onder die invloed van die Amerikaanse liberaal-demokratiese denkrigting gekom het.[101] Na die oorlog het uitwisseling van akademici plaasgevind wat die geslote Duitse geskiedwetenskap in 'n groot mate laat verinternasionaliseer het. Invloede van die Amerikaanse *New Economic History* die Franse *Annales*-skool en die Engelse *Cambridge Group* het sterk op die Wes-Duitse geskiedskrywing ingewerk. Ook het die Marxistiese teorie via die *Frankfurter Schule* met hulle "Kritische Theorie"[102] 'n aandeel in die ommeswaai van 'n politiek- en staatsgeoriënteerde geskiedskrywing na die vroeër verwaarloosde sosiaal-ekonomiese veld gehad. Die na-oorlogse historici kon ook aansluiting vind by 'n sterk sosiaal-historiese tradisie uit eie geledere wat deur die *establishment* asook deur Hitler verwerp is, nl. Max Weber (1864—1920), met sy ideaal-tipiese metode van generalisering, Kurt Breysig (1866—1940), Otto Hintze (1861—1940), en Gustav Schmoller (1838—1917).[103]

Na aanleiding van Fernand Braudel se struktuurgeskiedenis van die Middellandse See het Otto Brunner struktuurgeskiedenis in Duitsland as 'n "historiese beskouingswyse"[104] bepleit en hy is bygestaan deur Werner Conze[105] en Theodor Schieder[106] wat persoonlikhede in die geskiedenis teenoor strukture gestel, en die "tipe" in die geskiedskrywing en die vergelykende metode as toelaatbaar verklaar het. Naas sosiale geskiedenis wat die politieke objekte begin verdring het, is ook 'n sintetiese samelewingsgeskiedenis en struktuurgeskiedenis beoefen. Dit het verhoudinge en toestande, die bowe-indiwiduele ontwikkelinge en prosesse in plaas van indiwiduele gebeurtenisse en persone as objekte van historiese studie, op die voorgrond gebring. Dit vestig die aandag eerder op bepaaldhede, speelruimte en moontlikhede van menslike handelinge in die geskiedenis, as op indiwiduele motiewe, beslissinge en handelinge self; dit belig eerder kollektiewe fenomene as indiwidualiteite; dit neem werklikheidsgebiede en verskynsels tot objek van studie wat eerder deur beskrywing en verklaring as deur 'n hermeneuties-indiwidualiserende verstaan van sin ontsluit word en lê klem op die relatief blywende, swaar en moeilik veranderbare verskynsels en werklikheidslae met stadige of baie langsame veranderingsnelheid, eerder as op werklikheidsgebiede wat hulle baie vinnig wysig. Die weg is daardeur oopgestel vir 'n studie van historiese

---

100 Georg Iggers: *New Directions in European Historiography*, pp. 105—108 en 110.

101 Bernd Faulenbach, a.w., pp. 97—111.

102. R Bubner: "Was ist kritische Theorie?" in *Philosophische Rundschau*, 16, jrg, band 3—4, 1969, pp. 213—249.

103 Vir besonderhede oor hierdie historici kyk Hans-Ulrich Wehler: *Deutsche Historiker*, Göttingen, 1973, pp. 147, 275, 299.

104 Otto Brunner: *Neue Wege der Verfassungs- und Sozialgeschichte*, Göttingen, 1968², p. 80.

105 Werner Conze: *Die Strukturgeschichte des technisch-industriellen Zeitalters als Aufgabe für Forschung und Unterricht*, Keulen, 1957.

106 Theodor Schieder: *Geschichte als Wissenschaft*, München, 1965, pp. 149—211; en *Staat und Gesellschaft im Wandel unserer Zeit*, München, 1974, pp. 172—187.

strukture en prosesse en tipeserende en generaliserende begrippe.[107] Die struktuurhistoriese beskouingswyse het die Duitse geskiedskrywing met analitiese krag verryk.

Sosiale geskiedenis het in die mode gekom en die monopolie van die politieke geskiedenis verdring.[108] As takdissipline van die geskiedenis onderskei hy hom nie soseer deur sy metode nie, as deur sy besondere objek van studie. Dit hou hom besig met die geskiedenis van sosiale strukture, prosesse en handelinge, met die ontwikkeling van klasse, lae en groepe, hulle bewegings, konflikte en samewerking, arbeidsbeweginge, -verenigings, familie-lotgevalle, bevolkingsverskuiwings, vroueverenigings, kollektiewe mentaliteite en talle ander temas. Nie selde nie het besondere teorieë, begrippe en metodes uit die sistematiese sosiale wetenskappe, veral die sosiologie, 'n nuttige rol daarin gespeel. Naas sosiale geskiedenis het die geskiedenis van hele samelewings — samelewingsgeskiedenis — ontstaan, wat "samelewing" nie as 'n deelgebied of as 'n dimensie van die historiese werklikheid naas ander bestudeer nie, maar in 'n omvattende sin van 'n sosiaal-historiese interpretasie van die "algemene" geskiedenis.

Benewens sosiale geskiedenis, samelewingsgeskiedenis en struktuurgeskiedenis is die "Historische Sozialwissenschaft" deur Hans-Ulrich Wehler geskep. Hy verteenwoordig 'n jong geslag geskiedskrywers wat historiese prosesse en samehange uitdruklik uit die sosiale, politieke en ekonomiese voorwaardes van 'n tydperk wil verklaar en sosiaal-wetenskaplike teorieë en analise op historiese fenomene wil toepas. Hy is sterk deur die empiriese sosiale wetenskappe uit die Franse en Anglo-Saksiese wêreld beïnvloed en het talle versamelwerke oor die verhouding van geskiedenis tot wetenskappe soos die sosiologie, ekonomie en sielkunde gelewer.[109] Wehler het tot die oortuiging gekom dat geskiedenis as tradisionele geesteswetenskap wat baie nou aan die filologie verbonde is, nie meer deug nie, en het geskiedenis derhalwe geherdefinieer as "Historische Sozialwissenschaft",[110] d.i. 'n geskiedwetenskap wat nie meer primêr gebeurtenisse, persone, intensies en handelinge navors nie, maar strukture en prosesse as voorwaardes vir en gevolge van gebeurtenisse, beslissinge en handelinge bestudeer, waarvan die beleidmakers en handelendes nie ten volle bewus was of kon wees nie, want dit is nie net mense wat omstandighede teweeg bring nie, maar ook omstandighede wat mense in beweging bring. Om dié rede kan geskiedenis hom nie langer toereikend as 'n samehang van gebeurtenisse, besluite, intensies, motiewe en optredes laat begryp nie. Metodies vólg hieruit 'n sterk intrekking van generaliserend-verklarende analitiese werkwyse in 'n geskiedwetenskap wat tradisioneel die voorkeur aan die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode gegee, en homself as geesteswetenskap laat verstaan het. Dit het ook die status van geskiedenis in die

107. Jürgen Kocka: "Sozialgeschichte — Strukturgeschichte — Historische Sozialwissenschaft" in *Geschichtsdidaktik* 4/1977, pp. 284—297; Georg Iggers: *Deutsche Geschichtswissenschaft,* München, 1971, pp. 295—364; Imanuel Geiss e.a.: *Ansichten einer künftigen Geschichtswissenschaft* (2 dele), München, 1974.

108. Jürgen Kocka: *Sozialgeschichte,* Göttingen, 1977, pp. 97—111. Daar bestaan talle boeke wat hierdie aspek van die nuwe Duitse geskiedskrywing belig. Vgl. bv. Peter Böhning: *Geschichte und Sozialwissenschaften,* Göttingen, 1972, en P C Ludz: *Soziologie und Sozialgeschichte,* (Kölner Zeitschrift für Soziologie und Sozialpsychologie, Sonderhef 16, Opladen, 1972).

109. H-U Wehler: *Geschichte und Ökonomie,* Keulen, 1973, en *Geschichte und Soziologie,* Keulen, 1972.

110. Hans-Ulrich Wehler: *Geschichte als Historische Sozialwissenschaft,* Frankfurt a/M, 1973, p. 7.

gedrang gebring: is hy 'n geestes- of 'n sosiale wetenskap? 'n vraag waaroor ernstig gedebatteer is.[111]

Die kritici van Ranke se tradisionele model van geskiedwetenskap is oortuig dat die wending van geskiedenis na die sosiale wetenskap hom bevry het uit die doodloopstraat van die Historisme-konsep, maar Thomas Nipperdey e.a. historici het gevrees dat geskiedenis as "'n historiese sosiale wetenskap" opnuut na 'n verenging van sy objek en metode kan lei.[112] Die pleitbesorgers van laasgenoemde eis dat geskiedenis nie weer agter die gebeurtenisse van die Historisme moet terugval nie, maar dat hy die histories-hermeneutiese metode aan sosiaal-analitiese metodes verbind. 'n Inordening van die geskiedenis onder die sosiale wetenskappe sal 'n verbreding van die historiese kennismoontlikhede bewerkstellig wat geensins tot 'n verarming van die geskiedwetenskaplike werk sal lei nie. Geskiedwetenskap kan sosiale wetenskap slegs in 'n omvattende raamwerk wees as dit geen gebied van die menslike lewe uitsluit nie. Daarom word geskiedenis as "Historische Sozialwissenschaft" gedefinieer as "'n wetenskap van die veranderinge van die mens en sy samelewingsverhoudings in die tyd",[113] wat interdissiplinêre samewerking tussen die historiese en die sistematiese sosiale wetenskappe op sodanige wyse veronderstel, dat dit geen kapitulasie van die geskiedenis teenoor die sosiologiese of ekonomiese teorie-aansprake beteken nie, maar deur 'n kritiese toeeiening van hulle metodes en resultate, nuwe moontlikhede skep as integrale wetenskap op hoëre vlak,[114] wat die samelewingsgeskiedenis as geheel kan ontleed en beskryf. Historiese sosiale wetenskap as 'n omvattende, integrasiewetenskap is nie 'n towerformule nie, maar 'n program wat die geskiedwetenskap kan lei tot 'n verruiming van sy wetenskaplike kennismoontlikhede en 'n verbreding van sy maatskaplike funksie.[115]

Deur sy vernuwing van objekte en metodes, het die Duitse geskiedwetenskap vir die eerste keer in sy geskiedenis nader aan die sistematiese sosiale wetenskappe beweeg, en in so 'n noue verbinding met hulle getree dat, soos in Amerika, selfs grensoorskrydings en grensvermenging plaasgevind het. Die metodes wat in die sistematiese sosiale wetenskappe ontwikkel is, soos bv. die kwantitatiewe, het toenemende ingang by die geskiedwetenskap gevind. Daarby speel aangepaste sosiaal-wetenskaplike teorieë in die vakhistoriese arbeid ook 'n belangrike rol. Teorie-toepassing en toetsing word as deel van die historiese praktyk aanvaar en 'n analitiese daarstellingswyse tree dikwels in die plek van die verhalende en beskrywende geskiedenis.[116] Jürgen Kocka is oortuig dat die historiese sosiale wetenskap nie 'n monopolie van die sosiale geskiedenis is nie, want ook politieke geskiedenis laat hom struktureel en samelewingshistories bedryf. Dit sluit nie die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode of die behandeling van ge-

Vgl. bv. Jörn Rüsen: *Für eine erneuerte Historik, Studien zur Theorie der Geschichtswissenschaft,* Stuttgart-Bad Cannstatt, 1976, pp. 45—54; Hans-Ulrich Wehler: "Neue historische Literatur — Kritik und kritische Antikritik" (*Historische Zeitschrift* Band 225 (1977), pp. 348—383). Vgl. ook Karl Acham: *Analytische Geschichtsphilosophie,* Freiburg, 1974; Karl-Georg Faber: *Theorie der Geschichtswissenschaft,* München, 1974 en Helmut Berding: *Bibliographie zur Geschichtstheorie,* Göttingen, 1974.

112. Thomas Nipperdey: *Gesellschaft, Kultur, Theorie,* Göttingen, 1976, pp. 59—73.
113. W Schulze: *Soziologie und Geschichtswissenschaft,* München, 1974, p. 188.
114. Reinhardt Rürup (red)): *Historische Sozialwissenschaft, Beiträge zur Einführung in die Forschungspraxis,* Göttingen, 1977, p. 9.
115. *Ibid.*, p. 12.
116. Vgl. Hans Mommsen se bydrae "Die Herausforderung durch die modernen Sozialwissenschaften" en Wolfgang Mommsen se opstel "Die Geschichtswissenschaft in der Modernen Industriegesellschaft" in Bernd Faulenbach (red): *Geschichtswissenschaft in Deutschland,* München, 1974, pp. 138—168; Gerhard Schulz: *Geschichte Heute, Positionen, Tendenzen, Probleme,* Göttingen, 1973.

beurtenisse, persone en handelinge uit nie. Hy stel die geskiedwetenskap en die historiese sosiale wetenskap gelyk, maar wil geskiedwetenskap *as* 'n historiese sosiale wetenskap onder 'n gerekte begrip van sosiale wetenskap bepaal.[117] Onder die nuwe konsepsie definieer Reinhart Koselleck: "Die geskiedeniswetenskap hou hom besig met strukture, prosesse en gebeurtenisse in die politiek en samelewing, ekonomie en kultuur. Hy tematiseer dit samehangend en onder die gesigspunt van hulle verandering in die tyd. Daarom is dit 'n sosiale wetenskap in die wydste sin".[118]

Nie alle Duitse historici aanvaar die konsepsie van geskiedenis as 'n historiese sosiale wetenskap nie en beskou dit as 'n imperialistiese aanspraak op die geskiedenis onder een van vele etikette. Die tradisionele geskiedwetenskap soos deur Ranke gegrondves, is nog geensins dood nie, en word wyd in Duitsland en in die wêreld nàás ander rigtings beoefen. Die beoefenaars van die historiese sosiale wetenskap, is meer teoretiese as empiriese historici, wat teorieë uit die sistematiese sosiale wetenskappe op die geskiedenis toepas. Hierteenoor is daar talle historici wat politieke geskiedenis beoefen, maar ook daarin het die klem verskuif: daar word nou vasgestel hoe dit sosiaal en ekonomies bepaal is. Rudolf Vierhaus is oortuig dat geskiedenis 'n kenniswyse met 'n eie aard is, hoewel hy die geskiedenis as 'n sosiale wetenskap aanvaar; vir hom is politiekvoer nie meer die handelinge van die leier of staat nie, mar omvat maatskaplike, ekonomiese en regtelike betrekkinge, en is 'n weefsel met wisselwerkende verhoudinge wat die historikus vanselfsprekend noop om hom van sosiaal-wetenskaplike metodes te bedien.[119]

Daar is baie historici in Duitsland wat geskiedenis nie meer as 'n geesteswetenskap sien, wat enkel hermeneuties soos van ouds te werk gaan nie, maar as 'n analitiese sosiale wetenskap. Vir Wolfram Fischer maak dit nie saak of geskiedenis in die eerste plek 'n geestes- of sosiale wetenskap is nie, hy vra nie na etikette nie. Geskiedenis vereis 'n spesiale behandeling van geval tot geval. Beide rigtings — geskiedenis as hermeneutiese geesteswetenskap en geskiedenis as historiese sosiale wetenskap — het bestaansreg naasmekaar; die een sluit die ander nie uit nie, maar hulle vul mekaar aan.[120] 'n Omgekeerde verhouding van die geskiedenis tot die sosiale wetenskappe het in die 20ste eeu ingetree: waar die sosiale wetenskappe in die 19de eeu, toe hulle objekte en metodes nog onseker en onverfynd was, op die geskiedenis as die koningin van die geesteswetenskappe vir feite geteer het, is die bordjies nou verhang. Dit is die geskiedenis wat nou op die sosiale wetenskappe steun, sy teorieë toepas en sy inhoud en metodes in hulle ondersoek van historiese verskynsels benut.

Die ou kloof wat aan die einde van die 19de eeu met die Lamprecht-stryd tussen die hermeneutiese geskiedenis en die nomologiese sosiologie, en daardeur met alle sosiale wetenskappe ingetree het, is nou grootliks oorbrug. Een van die redes is dat sosiale wetenskap tans nie net uit sosiologie bestaan, wat aan die einde van die vorige eeu na 'n monopolie in die studie van die mens gestreef het nie. Die sosiale wetenskap is huidiglik gedifferensieer, gediversifieer en veel meer gekompliseerd as in die 19de eeu, en daarby 'n uiters breë term. Dit is vandag die wetenskap van mense in interaksie. Of geskiedenis 'n hermeneutiese geesteswetenskap of 'n nomologiese sosiale wetenskap is, hang af van 'n definisie van die sosiale wetenskap. Volgens Fischer kan

---

117. Jürgen Kocka: "Sozialgeschichte — Strukturgeschichte — Historische Sozialwissenschaft" in *Geschichtsdidaktik* 4/1977, p. 294.
118. *Studiengang für das Studium der Geschichtswissenschaft,* Universität Bielefeld, Fakultät für Geschichtswissenschaft, 1977, p. 1.
119. Rudolf Vierhaus: *Deutschland im Zeitalter des Absolutismus,* Göttingen, 1978, p. 6.
120. F A van Jaarsveld: "Nuwe rigtings in die Europese geskiedskrywing" (*Historia,* Mei 1981) p. 7.

geskiedenis om talle praktiese redes tans veel meer as 'n sosiale wetenskap as vroeër beskou word. Dit moet onthou word dat die moderne sosiale wetenskappe ook die mens tot objek van studie het. Om dié rede steun geskiedenis al meer op hulle en gaan derhalwe interdissiplinêr te werk. Die narratiewe daarstellingsvorm word algaandeweg deur 'n analitiese werkwyse aangevul of selfs vervang.

Volgens Arthur Imhof berus die wetenskap van die geskiedenis tans op twee bene, eerstens die hermeneutiese verstaan, d.i. vertolking en kuns, wat geskiedenis aan die geesteswetenskappe verbind, en tweedens op die analitiese verklaar wat wetenskap is, en geskiedenis daarom ook aan die sosiale wetenskappe koppel. Vir hom is geskiedenis sowel wetenskap as kuns wat tweeledig op die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode en die verklarende of analitiese praktyk berus.[121] Omdat die historikus nie net spesialiseer nie, maar 'n algemene praktisyn van die geskiedenis is, steun hy op die moderne sosiale wetenskappe.

Ten slotte moet daarop gewys word dat in teëstelling met die ou politiekgerigte geskiedwetenskap in die Rankeaanse sin, sosiale geskiedenis tans wêreldwyd — ook in Duitsland — op die voorgrond van die vakwetenskaplike beoefening staan, wat as 'n reaksie teen die jarelange oorheersing van die politieke en staatsgeskiedenis gesien moet word. Dit is nie meer 'n aspoestertjie van die "algemene" geskiedwetenskap wat in die 19de eeu deur hom verwerp is nie; dit is tans geliefd en in die mode. Trouens, die geskiedwetenskap het al meer uit sy nasionale gebondenhede losgekom en 'n internasionale bedryf geword. Hierby moet opgemerk word dat regionale en sub-regionale geskiedenis, selfs mikro-geskiedenis soos dit bv. in die Max Planck-instituut vir geskiedenis in Göttingen beoefen word,[122] in teëstelling met die outydse makrogeskiedenis van nasionale omvang op die voorgrond getree het. Hierdie tipe geskiedenis word met behulp van die rekenaar kwantitatief en "totaal" bestudeer.

In 'n sosialistiese Westerse wêreld met sy veranderde intellektuele klimaat, is daar wegbeweeg van Ranke se elites en groot manne en in die plek daarvan word die gewone, deursneemens van die onderste lae van die samelewing bestudeer, d.i. die alledaagse lewe van die "klein mensies" en die materiële voorwaardes van hulle bestaan, kollektiewe geestesgesteldhede en wêreldbeelde of mentaliteite, die historiese demografie of bewegings van mense van die platteland na die stede, sosiale mobiliteit, klassesamestellings[123] en familie-geskiedenis. Die studie van die vroeër miskendes, van prostitute tot kranksinniges, is baie ver verwyder van Ranke se objek en metode vir geskiedenis, en van wat vir ons as "belangrik" in die geskiedenis deurgaan. Die breë lae van die moderne industrieel-stedelike mens wil weet wie hy is en wat sy agtergrond in die verlede was. Industrialisering is 'n massa-fenomeen wat baie nuwe objekte en besondere metodes vereis.[124] 'n Mens kan tans enige katalogus van nuwe geskiedenisboeke uit welke deel van die wêreld ookal, opneem, en jy word getref deur die talle boeke wat oor sosiale geskiedenis handel. Dit weerspieël die internasionale aard van die hedendaagse geskiedwetenskap. In Wes-Duitsland het daar in die afgelope tien jaar ongeveer 2 000 boeke, dus teen 'n tempo van 100 per jaar, oor sosiale temas verskyn, wat die nuwe neiging in die geskiedwetenskap weerspieël.

---

121. *Ibid.*, pp. 10—11 en Arthur Imhof: *Einführung in die Historische Demographie*, München, 1977, pp. 9—11.
122. F A van Jaarsveld: "Nuwe rigtings" (*Historia*, Mei 1981), pp. 15—19.
123. Hans-Ulrich Wehler (red): *Klassen in der europäischen Sozialgeschichte*, Göttingen, 1979.
124. Hans-Ulrich Wehler: *Modernisierungstheorie und Geschichte*, Göttingen, 1975.

## 8 Geskiedenis die onselfstandigste van alle wetenskappe: 'n Huwelik tussen die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode en die analitiese verklaarmetode

In 1937 het Johan Huizinga (1872—1945) in *De Wetenschap der Geschiedenis*, geskiedenis "die onselfstandigste van alle wetenskappe" genoem omrede hy van alle wetenskappe die naaste aan die lewe staan.[125] Om dieselfde rede het Jan Romein geskiedenis tot "die bindsteen van die wetenskappe" verklaar[126] terwyl Lucien Febvre dit as die "grondwetenskap" van die sosiale wetenskappe sien. Hierdie uitsprake verklaar veel van die nuwe, na-oorlogse ontwikkeling in die vak en sy verhouding tot ander wetenskappe, wat ons herinner aan Alois Dempf se bewysvoeringe vir *Die Einheit der Wissenschaft*.[127]

Huizinga het waardering vir die verfyning van die historiese metode en die verryking van sy materiaal gehad, maar sterk standpunt teen die aanslae op die selfstandigheid van sy vak ingeneem, o.a. teen die Marxisme wat van geskiedenis 'n sosiale model maak waaraan die krag van 'n wet toegeken word, wat as voorafgaande verklaring dien en wat bowendien nog vanself aan die lig tree en op elke plek en in elke samelewing van toepassing sou wees — 'n benadering wat ook deur P Geyl verwerp is as gevangenskap in 'n sisteem wat blind maak vir die veelvormige werklikheid van volke en mense, en met wetenskap niks te doen het nie.[128] Ook het Huizinga standpunt teen Lamprecht se natuurwetenskaplik-nomologiese kousaliteitsaansprake gemaak soos toegepas in sy *Deutsche Geschichte*, wat met behulp van die filosowe uit die geskiedenis geweer is, en hom daarin verheug dat geskiedenis sy identiteit behou het en nie in 'n natuurwetenskap of in sosiologie hoef te verander nie.

Huizinga het hom ook uitgespreek teen die Amerikaanse *New History* wat met die doel om rasionele leiding aan die samelewing te bevorder, gestreef het na die eksakte rekonstruksie van alle sosiale gegewens in hulle historiese opbou, met alle middele van die sosiale wetenskappe, waardeur hulle die eintlike stof van die geskiedenis — die kennis van die feite van die verlede — "waardeloos" gemaak het.[129] Van die ontwikkeling van die geskiedwetenskap in Frankryk en Duitsland ná 1945 kon Huizinga nie weet nie. Febvre is egter deur sy kultuurhistoriese beskouing veral met betrekking tot geesteklimaat en wêreldbeeld beïnvloed, soos blyk uit sy kollektiewe mentaliteitsgeskiedenis, terwyl Duitse historici waardering het vir Huizinga se opvatting dat geskiedenis 'n vorm is waarin die mens homself rekenskap van sy verlede gee.

Huizinga het egter toegegee dat die objekte van die geskiedwetenskap altyd kompleks en diffuus bly maar bygevoeg dat dit nie te isoleer is uit die stroom van onherhaalbare en onherleibare gebeure nie. Historiese kennis bly volgens Huizinga altyd opgesluit binne menslike oordeel en wêreldbeskouing, afhanklik van die geestesinhoud van elke indiwiduele beskouer en nooit vir almal dieselfde nie.[130] Vir hom bly die wete van die geskiedenis 'n insig, 'n verstaan van samehang en 'n voorstelling van besondere feite, en sy funksie 'n voldoening aan 'n waarheids- en 'n lewensbehoefte. In die lig van die jongste ontwikkelinge in die geskiedwetenskap is dit duidelik dat van Huizinga se beskouinge deur die tyd agterhaal is. I M Bochenski kom tot die gevolgtrekking dat die

---

125. J H Huizinga: *De Wetenschap der Geschiedenis*, Haarlem, 1937, pp. 10—11
126. Jan Romein: *Carillon der Tijden*, Amsterdam, 1953, p. 74.
127. Alois Dempf: *Die Einheit der Wissenschaft*, Stuttgart, 1955.
128. P Geyl: *Geschiedenis als Medespeler*, Utrecht, 1958, p. 190.
129. J H Huizinga, a.w., p. 98.
130. J H Huizinga, a.w., pp. 33—34.

huidige geskiedwetenskap nie net beskryf en verstaan nie maar ook verklaar, egter nie induktief nie, maar reduktief. Die geskiedwetenskap is nie 'n nomotetiese of wette-opstellende dissipline nie, maar 'n ideografiese, d.w.s. eienskapbeskrywende vak. Hy besef dat die objekte van die geskiedenis onvergelyklik gekompliseerd is en daarom komplekse gedagtegange vereis.[131] Ook nie die Franse historici het die geskiedwetenskap as 'n wetenskap met 'n eie identiteit opgegee nie: hoewel hulle hom 'n sosiale wetenskap noem, bly hy vir hulle 'n aparte dissipline met eie aard, objekte en metodes. In teenstelling met die natuurwetenskappe was daar in die geskiedwetenskap nooit 'n dwingende paradigma of slegs een metode nie, en het hy 'n veelvoudigheid van wetenskaplike tradisies gehad. Hy het wel meer gekompliseerd en gedifferensieerd geword en toon vandag vele aangesigte. Sy objekte en metodes het sedert Ranke oneindig verbreed.

Dit is duidelik dat die hermeneuties-indiwidualiserende verstaansmetode van die vroeg 19de eeu wat aan die filologie verbind was en op die filosofiese grondslag van die Idealisme, Romantiek en Historisme berus het, alleen nie meer aan die eise wat deur die moderne, geïndustrialiseerde samelewing met sy massamens-verskynsels en bowe-indiwiduele samelewingsfenomene gestel word, ten volle kan voldoen nie. Daarom dat die moderne geskiedwetenskap sonder om sy identiteit as dissipline *sui generis* prys te gee, nader aan die sosiale wetenskappe beweeg het, en van hulle metodes as hulp- of leenmetodes gebruik maak om fenomene te bestudeer waartoe die hermeneutiese metode hom weens sy inherente beperkinge ontoereikend bewys het. Daarom dat geskiedenis tans 'n ingewikkelde wetenskap op pluriforme grondslag geword het, wat tegelyk geesteswetenskap en sosiale wetenskap genoem word.

Geskiedenis is nie nét meer enkel geesteswetenskap soos prof. P S Dreyer[132] beweer nie, maar 'n wetenskap wat sowel hermeneuties-indiwidualiserend verstaan as analities verklaar. As sodanig staan hy met een been in die *humaniora* en met die ander in die sosiale wetenskappe. Die "algemene" geskiedenis het homself sedert die dae van Ranke sosiaal-histories verryk en struktuur-histories verbreed, wat hom uit sy tradisionele, politiek-historiese gevangenskap en van sy hermeneuties-metodiese eensydigheid bevry het. Dit was nie sonder rede nie dat Johan Huizinga geskiedenis die onselfstandigste van alle wetenskappe genoem het, en Fernand Braudel verklaar het dat hy oop na alle ander wetenskappe is, wat gelei het na sowel objeks- as metodiese aanpassings, wat van hom by uitstek 'n vak met interdissiplinêre moontlikhede maak.

131. I M Bochenski: *Die Zeitgenössischen Denkmethoden*, Bern, 1959–2, pp. 133 en 137
132. P S Dreyer: *Inleiding tot die Filosofie van die Geskiedenis*, pp. 134 en 136.